

sal nie 'n baie groot uitgawe vereis nie; daar is volop water en goeie, vrugbare grond, sodat "met eleijne moeijten" allerhande soorte van vrugte en groente gekweek kan word "soo wel als op eenige andere plaetsen ter werelt"; vir die siekes sal sulke ver-versinge 'n baie groot uitkoms wees, en kosbare lewens en selfs skepe sal gered word; ook vleis kan in oorvloed aan die vlote verskaf word, want varke kan aangehou word, en die veeruil met die Hottentots sal beeste en skape oplewer; Sint-Helena, daarenteen, deug nie meer vir die retoervlote nie, want die varke raak op, "ende men sal bevinden, dat jaer op jaer min en minder ende in corten tijt niet met allen (daer) sal te crijgen wesen"; dat die inboorlinge "brutale ende mensch eetende menschen sijn," teen wie sal moet gewaak word, "is maer een Jan Hagels praetjen"; die mense van die Haarlem het inteedeel gevind dat die Hottentots "met alle vriendeljkheijt quamen handelen"; dat Geleynsen geen vee van hulle kon kry nie, was die skuld van sy eie matrose, wat met geweld teen hulle opgetree het en "7 à 8 van haer beesten onder de voet geschoten (hebben)"; "in goed correspondentie met haer levende," sal die blankes die inboorlinge in hulle diens kan opneem en met die Nederlandse taal, ook die beginsels van die kristelike godsdiens aan hulle leer; — "Sulex dat het maken van voornoemde fort ende thuijn, niet alleen sal strecken tot voordeel ende proffijt van d' Ed. Comp., maer tot preservatie ende behoude-nisse van veel menschen leven" en, wat "het treffelijekste is tot grootmakinge van Godes alderheijlighste name, (en) voortplantinge sijnes heiligen Evangeli, waerdoor buijten twijffel U.Ed. handelinge in geheel India meer ende meer sal gesegent worden."

Hierdie optimistiese skrifstuk is deur Kamer Amsterdam gunstig oorweeg, en in September 1650 besluit Here XVII, "dat men aen Cabo de bona Esperance een rendezvous en sterekte begripen sal."

HOOFSTUK III.

JAN VAN RIEBEEK EN SY TYDGENOTE.

§ 1. Jan van Riebeek se Voorgeskiedenis en sy reis na die Kaap.

Ons huldig nie die opvatting dat geskiedenis die aaneengeskakelde biografieë van enkele uitstaande persone is nie. Ons is van oordeel dat die vernaamste draer van 'n volk se ontwikkeling die volk self is. Hierdie beskouing mag ons egter ook nie op 'n dwaalspoor bring nie. Ons moet aan dié mense wat deur hulle buitengewone persoonlikheid of posiesie (of albei) werk van blywende historiese waarde verrig het, reg laat geskied. Jan van Riebeek was so 'n man; maar hy kry 'n plek in die ry van ons nasionale boumeesters, nie omdat hy werklik so groot was nie, maar omdat die gemeenskap waaroor hy geregeer het, nog so klein was. Soos Godée Molsbergen, sy biograaf dit uitdruk: "Zuid-Afrika is niet groot geworden door Jan van Riebeek, maar hy werd groot door Zuid-Afrika, zijn stichting."

Ons eerste kommandeur is in die jaar 1618 gebore. Hy het vroeg in die diens van die Oosindiese Kompanjie getree en kom in 1640 in Batavia aan. As ondergeskikte beampte in verskillende kapasiteite werksaam, vind ons hom agtereenvolgens in Malakka, juis toe kort tevore op die Portugese verower, Atjeh, Desima, die handelspoort van Japan, en eindelik in Tonkin, waar hy tot waarnemende hoof en sekunde van die faktory styg met die titel koopman. Omstreeks 1647 het Here XVII 'n veldtog teen die partikuliere handel wat, niesteenstaande streng plakkate, algemeen deur die beamptes vir hulle eie verryking gedrywe is, op tou gesit. Jan van Riebeek was 'n slagoffer van hierdie suiweringspolitiek. Hy het sy betrekking in Tonkin verloor, is na Batavia ontbied, en moes met die retoervloot van Geleynsen na Patria terugkeer. Hy ontvang hier sy agterstalige salaris, trou in Maart 1649 met Maria de Quellerie, nes hy self, uit 'n goeie burgerlike famielie, seil 'n paar maande later vir 'n ander handelsmaatskappy na Groenland en in die vol-

gende jaar na die Wesindiese eilande, en was teen die begin van 1651 sonder 'n betrekking terug in Amsterdam. Hy wou graag weer in die diens van die Oosindiese Kompanjie tree en bied hom in Mei 1651 aan "omme als opperhoofd nae de Cabo de Bona Esperance te gaan." Sy aansoek en 'n stuk van hom oor die "Remonstrantie" van Janszen en Proot, waarin sy reeds aangehaalde oordeel oor die Hottentots voorkom, het die gunstige aandag van Kamer Amsterdam geniet, en in Desember 1651 volg sy offisiële benoeming. Op die 24ste van dieselfde maand staan hy dan reeds op sy vlagskip, die *Drommedaris*, wat met die *Reijger* en 'n jag, die *Goede Hoop*, sy vloot uitmaak, en toe die Kersnag val beploeg hulle die woelige waters van die Noordsee na die suide toe.

Betreklik klein en onaansienlik was die vaartuie wat hier op die golwe gedobber het; maar so ook was die *Mayflower*, waarmee dertig jaar tevore, die Pelgrim-Vaders, die grondlêers van die Verenigde State van Noord-Amerika, dieselfde kus verlaat het, klein en onaansienlik. En sonder ophef of dramatiese vertoon was ook die uitvaart van hierdie reisgeselskap gewees. Geen priesterlike wygesange, geen plegtige optog het hulle na die skepe begelei nie. Hulle was doodgewone mense, soos daar nog duisende in die strate van Amsterdam rondgehoop het, wat vir hulle daelikse brood en sonder romantiese inbeeldinge eenvoudige voorgeskrewe pligte sou nakom; maar in die geskiedenis is meer tot stand gebring deur die konsensieuse, prosaïese bedrywigheid van alledaagse mense as deur al die oorlogsugtige bohaai, waarmee die bladsye van sommige geskiedenisboeke volgeprop is. Ons sal nog baie voorbeelde van hierdie waarheid kry; hier wil ons net daarop wys dat Jan van Riebeeck en sy helpers, die stigters van ons Suid-Afrika, die Suid-Afrika van die witman, reeds op hulle reis, onwetend en in die eerste plek omdat dit hulle voorgeskrewe plig was, aan die fondament van ons bestaan hier begin bou het.

Die konstitusionele geskiedenis van Suid-Afrika het aan boord van die *Drommedaris* sy aanvang geneem. Jan van Riebeeck was die opperhoof van die onderneming, maar nes orals in die wêreld waar Nederlanders 'n regering moes inrig, is ook op hierdie vloot, volgens die bepalinge van die Here Meesters, die gesag nie aan één man nie, maar aan 'n raad opgedra. As 'n belangrike besluit moes geneem word, is die skippers en offisiere na die vlagskip ontbied, waar hulle dan onder voorsitterskap van die kommandeur gesamentlik vonnisse gevel en beslissinge getref het. Hierdie skeepsrade, op land oorgeplant, sou die eerste Kaapse regeringliggaam wees, en daarin lê reeds opge-

slote 'n groot beginsel van ons konstitusionele ontwikkeling. Die stelsel van verdeelde verantwoordelikheid sou outokrasie teenwerk en daarby maklik oorhel tot 'n erkenning van die reg van die geregeerdes om in die regering saam te praat.

Intussen was dit nie vir Jan van Riebeek nodig om die skeepsraad dikwels bymekaar te roep nie, want die reis was voorspoedig en sonder buitengewone voorvalle. In die eerste dae van April 1652 het ons bekende seevoëls om die skepe verskyn en die nabyheid van die Kaap aangekondig; op die vyfde van die maand het die opperstuurman eerste die Tafelberg "O. en O. ten zuyden" uit die see sien rys en die beloofde beloning van vier reale daarvoor gekry (d.w.s. 16/-); en teen sonder die volgende dag het die *Drommedaris* die Tafelbaai ingeseil.

'n Merkwaardige dag en datum hierdie, Saterdag, 6 April 1652! Die Europese beskawing op die vooraand van sy blywende intrek eindelik vas geanker aan die strand van Suid-Afrika, van waar dit nooit weer sou verdwyn nie! Hoe is dit moontlik dat hierdie gebeurtenis nie jaarliks deur ons feestelik herdenk word nie? Ons laat die vraag onbeantwoord. Ons laat ook vir Jan van Riebeek en sy mense hulle rus onder die skaduwee van die reusewagter van die Kaap neem. Vóór ons hulle na land vergesel, wil ons 'n oomblik nagaan watter kragte daar in en agter hierdie klein en onaansienlike ekspediesie geskuil het; want so alleen sal ons in staat wees om die wonderlike ontwikkeling wat daaruit gevloei het, te begryp.

§ 2. Die Geboortedag van Suid-Afrika in die Ontwikkelingsgeskiedenis van die Nederlandse Volk.

Die stigting van die Kaapse volkplanting was 'n gevolg van die opbloeï van die Nederlandse mag in Europa en oor die hele wêreld. Teen die middel van die sewentiende eeu het die Verenigde Geweste 'n toppunt in hulle ontwikkeling bereik. By die Vrede van Munster, in 1648, is hulle onafhanklikheid deur vriend en vyand erken, en as 'n eersterangs-moondheid het die republiek sy plek onder die state van Europa ingeneem. Die Nederlandse seemag, ofskoon as gevolg van die suinigheid van die kommersieel-gesinde regente dikwels verwaarloos, was aansienlik, en die dapperheid van die matrose onder die leiding van manne soos Michiel de Ruiter en Tromp het gewoonlik opgeweeg teen die minder goeie uitrusting van die oorlogsskepe. Op die gebied van handel en oorsese aktiwiteit was Nederland nommer één. Vyf-en-twintig jaar later nog bereken Colbert,

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

die groot minister van Lodewyk XIV van Frankryk, dat sy eie land 600 handelskepe besit, Engeland 4,000, en Nederland 16,000! In Oos-Indië het die Nederlandse Kompanjie al sy konkurente in die skaduwee gestel: in Batavia, die pragtige skeping van Coen, het saamgevloei 'n bedrywigheid wat hom uitgestrek het nie alleen oor die argipel nie, maar tot in Sjiena en Japan, Seilon en Bengale, Persië en Arabië. In Noord- en Suid-Amerika het die Nederlandse Wesindiese Kompanjie, gestig in 1621, weliswaar verbygaande maar desnietemin skitterende suksesse behaal: Nu-Amsterdam, vandag Nu-York, was in 1652 nog 'n Nederlandse stad, en in Brasilië het tot 1644 die Wesindiese Maatskappy so 'n vaste voet gehad, dat 'n lid van die stadhouderlike famielie, graaf Johan Mourits, van Nassou, daar goewerneur was.

Die groot materiële welvaart van Nederland, die gevolg van sy handel en industrie, was dan verder die vrugbare grond waarop die hoër geestelike produkte welig kon te voorskyn tree. Reeds in die begin van die sewentiende eeu kry ons 'n reuse-intellek soos Hugo Grotius, die beroemde regsgeleerde, wat in 1609 met sy epogmakende boek, *Mare liberum*, (*die Vrye See*) die fondament van die Internasionale Reg lê, en die onhoudbaarheid van die Spaans-Portugese aanspraak op oseane as hulle eiendom in 'n helder lig gestel het. In die jare 1618—1619 sit die groot Sinode van Dordrecht, wat die beginsels van die Calvinisme vir Nederland vasgelê het, en aan wie ons ook ons pragtige vertaling van die Bybel verskuldig is. Dis waar, die geslag wat die vryheidstryd teen Spanje begin het, was nog onverdraagsaam teenoor Rooms-Katolieke en vrysinniges; Oldenbarnevelt is in 1619 onthoof, en Hugo Grotius moes in ballingskap gaan, in die eerste plek om politieke redes, maar ook omdat hulle die haat van die streng-kerklike party op hulle hals gehaal het; maar die aangebore vryheidsin van die Nederlanders het met die oorwinning hom weer laat geld. Die noordelike provinsies was reeds lank die toevlugsoord van vervolgte Calviniste uit ander lande; die Engelse Puriteine, o.a. die mense van die *Mayflower*, het b.v. hier 'n skuilplek gekry; en nou vind ons dat die republiek, "waar ieder inwoner vry was, (ofschoon) ieder inwoner niet regeerde," ook nie-Kalvinistiese vlugtelingen in sy gasvrye skoot opneem, en aan sy onderdane 'n mate van politieke en godsdienstige vryheid toelaat, soos dit in feitlik geen ander Europese land kon aangetref word nie.

In so 'n atmosfeer kon die wetenskap en die kuns heerlik gedy. Leiden met sy Uniwersiteit, die geskenk van 'n dankbare volk aan die stad wat hom so dapper teen die Spanjaarde ver-

dedig het, was miskien die belangrikste wetenskaplike sentrum van Wes-Europa. Ook Milton, die Engelse digter, het hier as student vertoef. Tot kort voor die vertrek van Jan van Riebeek het Descartes, die grootste Franse filosoof, om vry te wees, in Nederland gewoon, en ons eerste kommandeur het miskien in Amsterdam die diepsinnige Jodeseun, Spinoza, gesien, wat enkele jare later sy groot wysgerige sisteem sou uitwerk en 'n hoë rang ander die denkers van die wêreld sou verwerf. In 1654 verskyn Vondel se *Lucifer*, die grootste digwerk in die Nederlandse letterkunde; in 1642 skilder Rembrandt sy *Nagweg* en in 1661 sy *Staalmeesters*, kunststukke wat nie slegs die Nederlandse volk nie, maar die hele mensdom verryk; en hierdie twee kunstenaars, die digter en die skilder, het elk op sy gebied nie *alleen* geskyn nie, maar was omring deur sterre van die eerste grootte, een van wie genoeg sou gewees het om luister aan sy tyd te gee.

Nederland was *ryk*, ryk veral aan manne, helde van die penseel, die pen en die swaard, helde van die woord en die daad!

Uit so 'n land en so 'n omgewing het Jan van Riebeek en sy helpers gekom, eenvoudige beamptes maar daarby gesante van 'n staat in die bloei van sy krag, van 'n geslag "dat grootsche dinge op eenvoudige wijze deed op elk gebied," van 'n volk by wie die persoonlike selfstandigheids-gevoel byna 'n ondeug was; en die spore van hulle herkoms was in hierdie klein gemeenskappe duidelik sigbaar. Die bevelvoerder, self ten volle bewus van sy eie waardigheid, moes ook die gevoelens van sy ondergeskiktes respekteer en het met gemoedelike tak sy gesag oor hulle uitgeoefen. Praktiese nugterheid en doeltreffendheid was die grondslag van die hele onderneming, maar by Van Riebeek veral het dikwels ook die neiging hom openbaar om grootse toekomsplanne te ontwerp, om in die ruimte te dink, 'n baie natuurlike geestestoestand in 'n volk, wie se werkkring die wêreld was. Ook die onverwoesbare optimisme van die kommandeur, 'n uitvloeisel van sy vooruitstrewende arbeidsaamheid en sy ambisie om sy posisie te verbeter, was tewens 'n teken van die frisse krag van sy volk. En in hierdie één woord, *krag*, kan ons die kwaliteite van ons eerste staatstigters opsom. Hulle het met hulle saamgebring die krag van die Germaan, gewortel in die Calvinisme. Dit was Kalvyn se leer van die absolute almag van God wat staal in die bloed van die Geuse gebring het; dieselfde leer sou ook in Suid-Afrika vir hulle nakomelinge 'n houvas en 'n inspirasie wees.

HOOFSTUK IV.

DIE KAAP, 'N BEAMPTEPOS (1652 — 1656).

§ 1. Die Voorgeskrewe Taak.

Soos reeds gesê, het die *Drommedaris* op Saterdag, 6 April 1652, die anker in die Tafelbaai laat sak. Die volgende dag is nie gewerk nie, maar briewe is van die land gehaal, waaruit geblyk het dat die retoervloot, wat Van Riebeeck hier moes tref, al verby was na Sint-Helena toe, en teen die aand het die kommandeur ook vir 'n rukkic aan wal gegaan om die terrein van sy heerskappy te inspekteer. Hy het met hom teruggeneem aan boord, "twee wilden, daaronder een die wat Engelsch sprak." Dit was Harry, die kaptein van die Strandloper-Hottentots, 'n persoon van wie ons nog veel sal verneem. Op Maandag, 8 April, het die stigtingswerk eintlik begin. Die bote vaar heen en weer om die boumateriaal aan wal te bring, en op land is 'n honderd man besig om 'n hout onderdak op te slaan en die plek vir die fort skoon te maak. Jan van Riebeeck, 'n klein maar flink figuur, met sy hoë, wydgeraunde hoed, goedgeknipte wambuis, kapstewels en swaard aan die sy, oorsien alles uit sy skerp, donker oë en staan agter sy manskappe, "opdat het werk wat beter moghte voortgaan."

Die bevelvoerder se taak was duidelik vir hom voorgeskrewe. Hy moes 'n fort bou, waaraan die naam *De Goede Hoop* moes gegee word, en waarin 'n besetting van omtrent 'n honderd man en siek skepeling kon gehuisves word. Hy moes tuine en lande aanlê en vrugtebome plant, sodat daar voldoende verversinge vir die skepe sou wees. Hy moes, deur vriendskaplike ruilverkeer met die Hottentots, vir 'n genoegsame vleisvoorraad sorg en vir die vee 'n kraal in of aan die fort bou. Hy moes die koste van die neersetting so laag moontlik hou, en deur timmer- en brandhout uit die Kaapse bosse te laat aansleep, walvistraan uit te smelt, robbevelle te versamel en die bestaansmiddels vir die fortbewoners na vermoë in die land self te kry of te produseer, van die stigting 'n betalende besigheid vir die Kompanjie maak. Soos o.a. ook uit die gebed blyk, wat hy by die opening van elke raadsitting moes voorlees, was *dit*, nl. die

belang van die “Heeren Principalen,” die grondgedagte van sy hele opdrag; al sy doen en late moes strek “tot grootmacekinge van (Godes) alderheylichsten naeme *ende den meesten dienst van onsen Heeren ende Meesters.*”

Die uitvoering van hierdie opdrag het Jan van Riebeck met alle naarstigheid aangepak. Hy wou so gou moontlik die Kaap verlaat om in Indië promotie te gaan soek, en hy het gemeen dat alles hier binne 'n jaar agtermekaar sou wees. Hy het egter spoedig uitgevind dat Suid-Afrika hom nie maklik laat dwing nie; hy het kennisgemaak met dié faktore wat deur ons hele geskiedenis heen die uitbreiding en die groei van die beskawing hier sou strem, ons land self, met sy wisselvallige klimaat en die naturel; en toe hy eers na tien lang jare die reis na Batavia kon voortsit, was die taak wat so maklik gelyk het, nog nie voltooi nie. Dit was “lang en sober werck,” maar so gaan dit, wanneer 'n sterk en vaste fondament gelê word, en van Jan van Riebeck kan met reg gesê word dat in sy tyd die basis, waarop blank Suid-Afrika vir baie geslagte sou berus, geskep is.

Waar ons nou daartoe oorgaan om te ondersoek hoe dit gebeur het, moet ons egter ook nie haastig wees nie. Dit sal 'n tydjie duur, voor die groot deurlopende probleme van ons geskiedenis heeltemal duidelik kan gesien word. Nes ons voorouers aan die voet van Tafelberg moes rondspartel, voordat hulle koers kon kry, so sal ons ook alleen langsaamerhand die groot rigtinge in ons ontwikkeling, wat uit hulle sparteling te voorskyn getree het, gewaar word.

§ 2. 'n Swaar Begin.

Die eerste ses of sewe maande van hulle verblyf hier was 'n baie swaar tyd vir Jan van Riebeck en sy medewerkers. Die winterreëns het eers teen die end van Mei begin, maar toe ook met geweld; en waar die manskappe gedurende die droë weke met moeite 'n pik in die grond kon kry, is die aarde nou deurweek en lê hulle nat en siek in hout beskuttinge, “by provisie wat rouw opgeslagen.” Vis was by tye oorvloedig, maar eindelijk het die kos so eentonig en skaars geword, dat pikkewyneiers en duikers (die seevoëls), van Robbeneiland gehaal, as lekkernye beskou is. Vars vleis het byna totaal ontbreek. Die ongeoefende jagters met hulle lomp gewere kon die elande en ander wild gewoonlik nie raakskiet nie, en Hottentots met vee het nie opgedaag nie. Harry en sy armsalige klompie Strandlopers het van veldkos, skulpdiere en see-opspoelsels bestaan, en was meer tot 'n las as iets anders. Hulle kon alleen gebruik word om

'n bietjie brandhout te gaan haal, en daarvoor het hulle goeie betaling in brood, arak en tabak gekry.

Intussen moes die aardewalle van die fort opgegooi en planke, van bome uit die klowe gehaal, gesaag word; ook 'n groot groentetuin en saailande is aangelê; — en dit alles sonder trekkere van enige aard; want, soos reeds gesê, veeruil was daar nie, en die perde uit Batavia, waarop Van Riebeeck gereken het, is deur die retoervloot op Sint-Helena afgelaai. Geen wonder dat die mauskappe “petulant” geword het, en dat 'n geselskap van vier in September gedros het. Hulle leier was Jan Blank, en hulle plan was om oor land — Mosambiek te bereik! Vier beskuite, vier swaarde, twee pistole, 'n hond en 'n ou skeermes was hulle kosvoorraad en verdedigingsmiddels. Uit die duine na die strand van Valsbaai deur renosters geja, het hulle tot by die berg agter die teenswoordige Gordonsbaai voortgesukkel, maar hier het die moed hulle begewe, en na 'n afwesigheid van nege dae was hulle terug by die Fort, waar harde arbeid in die ysters tot 1 Januarie 1653 hulle straf was.

§ 3. Koers Gekry.

In die laaste maande van 1652 kom daar voorlopig 'n end aan al hierdie swaarkry. Jan van Riebeeck en sy mense kry koers, en ons met hulle.

Die Fort was nou al geruime tyd op 'n manier klaar. Dit was 'n vierkantige struktuur en geleë kort agter die teenswoordige poskantoor, op die Parade van vandag. Die buitemure, elk ongeveer vyf-en-tagtig tree lank, was eenvoudige aardewalle, twaalf voet hoog. Op die vier hoeke was bastions waaraan die name *Reijger*, *Drommedaris*, *Walvisch* en *Olifant* gegee is. Die *Walvisch* en die *Olifant* was twee skepe wat in Mei 1652 met die *Reijger* en die *Drommedaris* die reis na Batavia voortgesit het. Op die binneplein van die Fort het die pakkamers, eet- en slaapvertreke, die kerkie en 'n uitkyktoring gestaan (almal voorlopig van hout). Die poort het op die see uitgesien en was van buite beskut deur 'n vooruitgestote omheining, die sogenaamde Horingwerk. In hierdie voorste plein was die hospitaal. Later is aan die agterkant van die Fort 'n soortgelyke omheinde kraal aangebring vir die vec. Rondom die Fort is 'n grag gegrawe, waarin die water van die Soetrivier, wat aan die noordwestekant verbygevloei het, kon gekeer word. Die eerste punt in die opdrag van Here XVII was dus uitgevoer. Daar was wel nog veel aan die Fort te doen; sy walle sou nog sterker moet gemaak word, en die houtgeboutjies moes deur huise van bak-

stene vervang word; maar in die eerste onmiddellike behoefte, aan behuising en verdediging was voorsien.

In die tussentyd is ook met die landbou vooruitgang gemaak. Teen September — Oktober het die tuin, naas radysies, ook al kool en rape opgelewer, en die gesaaides op die land agter die Fort het mooi gestaan. Die boerdery, dié groot bedryf van die Afrikaanse volk, maak sy verskyning; en al het ons hier nog maar met 'n groentetuin en 'n paar akkers koring te doen, is dié klein begin nie sonder belang vir ons nie, o.a. omdat die eienaardige moeilikheid aan die Suid-Afrikaanse landbou verbonde, nl. sy onderworpenheid aan skielike weersveranderinge, hier reeds voor die dag tree. In Oktobermaand het Tafelberg sy wit mus opgesit, en Van Riebeck moes dit aansien hoe die suidoos die ryp koringare uitskud en die tuin verwoes en uitdor. Hy teken ontsteld aan: “In de gansche werelt can 't soo hard niet wayen als dese z. oosten wint hier doet. Jae ('t) gaet Westindische orenanen ende Japanse tuffons somwijlen te boven!” Die produksie-probleem, wat so eenvoudig gelyk het, kry al dadelik 'n ander kleur; maar hoe skraal dan ook, daar was 'n oes, en die kommandeur hoop dat dit “met Godt de Voorste” later beter sal gaan en is in elk geval daarvan seker dat die tuin binnekort meer groente sal produseer as wat die skepe nodig het.

Nog meer is die optimisme van Jan van Riebeck gaande gemaak deur die verskyning van Hottentots met vee aan die Fort. Die mense van die *Haarlem* het ook gevind dat die vee-besittende stamme eers in ons lente en vroegsomer die omstreke van die Kaap opgesoek het, en van nou af sien ons dat dit hulle reël was. In Oktober het die Kaapmans onder Gogosoa, of soos die Nederlanders hom weëns sy swaarlywigheid genoem het, die Vet Kaptein, nader getrek, en voor die end van die jaar is by 'n 250 beeste en 600 skape van hulle geruil. Hier was eindelik die groot uitkoms! Die vleiskwessie was opgelos! Maar weldra het geblyk dat ook hierdie roos nie sonder dorings was nie. Die Kaapmans was van die begin af op hulle manier oulik en geslepe. Vir 'n bees het hulle twee plaatjies koper gekry, vir 'n skaap 'n stuk tabak of koperdraad so lank soos die dier, gemeet van die kop tot aan die punt van die stert, en hulle wou goeie dik koper hê en die tabak so sterk, “datter aff suiiggende haer oogen van traenen.” Teen die middel van Desember begin die ruil skielik baie sleg te gaan, en die oulikheid van die Kaapmans slaan in iets ergers oor. Hulle het die gras aan brand gestee, die weiveld in beslag geneem en wat hulle ook maar kon wegja of wegdra, gesteel. Van Riebeck had

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

suspensie dat die veranderde optree van die Kaapmans te wyte was aan opstokery van Harry, wat as tolk by die ruilhandel gebruik is. Hy het waarskynlik rede gehad om so 'n gedagte te koester; maar hoe dit ook mag gewees het, die "goede correspondentie" met die inboorling, waaraan vir Here XVII soveel geleë was, het opgehou te bestaan. Die natuurlike probleem, d.w.s., die probleem van die witman om naas en met die naturel te lewe, tree te voorskyn, en ons merk op dat dit van die staanspoor af nie sonder wrywing kon geskied nie, en dat die eerste wrywingsgrond — die steelsug van die inboorling was.

Egter, daar was vee in die kraal en groente in die tuine, en ofskoon die toekoms nog nie sonder wolke was nie, kon Van Riebeeck met 'n mate van gerustheid die eerste swaar toets van sy werk tegemoet sien, nl. die koms van die retoervloot. 'n Mens kan sê dat die Kaapse jaar in die eerste tyd van Maart tot Maart geloop het, van die vertrek van een retoervloot tot die aankoms van die volgende een. Die skepe uit Patria, wat gewoonlik in die tweede helfte van ons winter die Kaap bereik het, het betreklik verspreid geseil, maar die rykbelaaide bodems uit die goue Ooste het op 'n gesette tyd van die jaar en gesamentlik gevaar, en baie groot klarigheid is vir hulle aan die Kaap gemaak. Die rede hiervoor was, omdat die aantal gelyktydig-aankomende skepe dan so groot was, en ook omdat die skippers op die terugreis lank die neiging behou het om regdeur na Sint-Helena oor te steek, en Van Riebeeck, ywerig om te toon dat sy stigting 'n sukses was, hulle na die Kaap wou lok. Dit was dan ook 'n teleurstelling vir die kommandeur, dat slegs 'n paar retoerskepe in Maart 1653 die Tafelbaai ingeseil het; die res het die ou koers gehou; maar aan die ander kant was hy toe des te beter in staat om die besoekers van volop groente en vars vleis te voorsien.

Van Riebeeck het ook nog 'n besondere rede gehad om met groot verlange na die koms van die retoervloot in hierdie jaar uit te sien. Hy moes volgens opdrag van Here XVII die admiraal met sy skippers teen vyande in Europa waarsku. Teen die end van Desember 1652 het 'n komeet in Suid-Afrika sigbaar geword. " 't Beduijtsel is den Heere bekend," staan daaroor aangeteken in die *Dagverhaal* van Jan van Riebeeck. Drie weke later kom 'n galjot uit Patria aangeseil met die berig dat die Verenigde Geweste in oorlog met die Engelse Republiek verkeer. Wat die komeet beteken het, was dus duidelik! Ons weet dat hierdie oorlog al lank gedreig het. In Oktober 1651 het die Britse parlement die eerste Nawigasie-Wet uitgevaardig. Die doel daarvan was om die Engelse handelsmariene op te bou deur

die Nederlandse tussenhandel op Engeland dood te maak. Ware van oorsee of van Europa kon voortaan alleen in Engelse skepe of in skepe van die land, waar die lading vandaan kom, na Engeland gebring word. Nederlandse vaartuie sou b.v. nie meer produkte uit Frankryk of Amerika na die Britse eilande vervoer nie. Met hierdie wet het Cromwell die kommersiële oorlog teen Nederland begin, en dit het spoedig tot 'n ope breuk gekom. Die onmiddellike aanleiding daartoe was die eis van die Engelse dat die Nederlanders hulle opperheerskappy in die sogenaamde “Brittanniese see” rondom die Britse kus moes erken. Dié erkenning sou beteken dat Nederlandse skippers by 'n ontmoeting met Engelse daar die vlag eerste sou moet stryk, dat die Engelse die reg sou hê om Nederlandse skepe in tyd van oorlog te ondersoek, en dat die haring-vissery in die Noordsee onder Engelse kontrole sou kom. Die oorlog het met 'n botsing tussen Tromp en Blake in Mei 1652 begin, en twee jaar geduur. Die deeglik uitgeruste Engelse vlote het oor die algemeen die voordeel behou, maar die Nederlanders onder Tromp, wat in die oorlog gesneewel het, en De Ruyter, destyds in die fleur van sy manlike krag, het ook harde slae aan die vyand toegebring. Die skepe van die Oosindiese Kompanjie het “agterom,” d.w.s. om Skotland heen, veilig die Nederlandse hawens bereik, en die buiteposte van die Kompanjie was nooit in gevaar nie.

Die word nou langamerhand moontlik om die hoofrigtinge en uitstaande faktore in ons ontwikkeling te onderskei; en in die eerste tyd veral sal dit nodig wees om as uitgangspunt daarby te kies — die invloed van die buiteland, want dan alleen sal ons die Kaapse aangeleenthede in hulle regte perspektief sien.

Aangesien die Kaap die belangrikste strategiese punt op die pad na Indië was, is byna elke oorlog tussen seevarende Europese moondhede hier gevoel. Soos reeds aangedui, was intussen die uitwerking van die Engels-Nederlandse konflik van 1652 — 1654 op die Kaapse neersetting nie besonder groot nie. Jan van Riebeeck moes wel dadelik in Januarie 1653 daarvan begin werk maak om die walle van die Fort te versterk; en in Oktober van dieselfde jaar kon hy aan Kamer Amsterdam skrywe, die Engelse sal die Fort nie vind “een cat te wesen die sonder hantschoenen aan te tasten sij,” en “met Godt de voorste” is daar geen rede vir besorgdheid nie; maar Engeland het nie probeer om sy verlore handelsterrein in die Ooste weer te verower nie, en die Vrede van Westminster het die Kaapse kat onaangetas gevind. In Augustus 1654 het die eerste berig van hierdie vredesverdrag Suid-Afrika bereik, en in die daaropvolgende Desembermaand werp 'n Engelse skip, onder kaptein Anthony New-

port, die ankers in die Tafelbaai uit. Die Engelse is as goeie vriende behandel, en verskeie kere so goed in die Fort getrakteer "dat deselve des avondts mooy soet ende vrolijk ende wel vernoeght..... al dansende, springende ende rollende..... na boort gingen."

Die groot werking van die buitelandse faktor moet gesoek word, nie in hierdie oorlog nie, maar in die ondergeskiktheid van die Kaap aan 'n oorsese mag en in sy onderworpenheid aan die belange van dié mag. Konstitusioneel het die Kaap onder Batavia gestaan; dit was 'n voorpos van Indië; en van die Hoë Regering in die Ooste, of wel ook direk van Here XVII, het die bevele gekom waarvolgens Jan van Riebeeck sake hier moes bestier. Hoef ons te sê dat hierdie bevele almal net één doel geopenbaar het, nl. die belang van "d' Edele Compagnie?" Romantiese ontdekkingsplanne en kolonisasieskemas het geen bekoring vir Here Meesters gehad nie, en die kommandeur, nicteenstaande sy neiging om, veral oor sy eie werk, groot te praat en groot te dink, was te gehoorsaam en te bedag op sy eie persoonlike toekoms om hom deur sy verbeeldingskrag, wat nogal sterk was, tot onbekookte en onpraktiese dade te laat verlei. En tog, byna van die staanspoor af sal ons vind dat die Kaapse neersetting die neiging vertoon om 'n kolonie te word en sy invloed na die binneland toe uit te brei. Hierdie eienaardige kontradiksie was egter die onvermydelike gevolg van die oorspronklike plan van Here XVII om die Kaap so goedkoop moontlik aan sy beperkte doel te doen beantwoord. Dit was die buitelandse faktor in verbinding met ons twee uitstaande inheemse faktore, ons klimaat en die naturel, wat die witman hier in die bodem self laat wortel skiet het en die eerste pioniers die land ingestuur het. Hierdie tweeledige ontwikkeling word maklik begrypplik as ons altyd-deur daaraan dink, dat dit Jan van Riebeeck se voorgeskrewe plig was om die landbouproduksie en die veestapel uit te brei, totdat hy in staat sou wees om in die behoeftes van die Kaap en die passerende skepe te voorsien. Hoe prosaies dit ook mag klink, die noodsaaklikheid om vleis en brood te kry, was in die stigtingstyd die sterkste dryfveer van ons ontwikkeling.

§ 4. Die Onopgeloste Kosprobleem.

Niks het vir Jan van Riebeeck soveel hoofbrekens gegee as die kosprobleem nie. Wat hy ook gedaan het, hy kon dit nie oplos nie. Selfs sy eie mense het in die eerste tyd keer op keer werklik honger gely. In April 1654 was die kosskaarste so groot, dat hulle 'n dooi bobbejaan wat aan die voet van die berg

gevind is, opgeëet het, en pikkewynvleis 'n versnapering was. Die manskappe het gekla: "Ghij eunt ons wel commanderen te arbeijden, maer sout maecken dat wij wat meer in den mond t'cregen"; en Johannes Danielsz, "in de wandelingh toegenoemt Doctor," het met twee messe rondgeloop en in antwoord op 'n vraag na sy bedoeling daarmee, gesê: "Die passen op de Heer," (d.w.s. hulle is vir die kommandeur bestem). "Omme niet in den uystersten noot van honger te vervallen," moes Jan van Riebeeck van die Kaapse jagte na Sint-Helena en Madagaskar om prowiand stuur.

Hierdie ellendige toestand het gelukkig nie voortgeduur nie, maar baie volop het die Kapenaars dit in Van Riebeeck se tyd eintlik nooit gehad nie, en tot 'n duisend sakke rys per jaar is ook nog na sy vertrek vir die Kaapse bevolking uit die Ooste ingevoer. Onder sulke omstandighede is dit begryplik dat die Kaap as verversingsoord onder die matrose van die vlote nie erg populêr was nie. Groente was wel betreklik oorvloediglik voor hande, maar die ewige kool, rape en geelwortels het hulle verveel, en baie skippers het, teen die bevele van Here XVII in, die Kaap vermy om in Sint-Helena vleis te gaan seek. So lees ons b.v. van retoerskepe wat in die begin van 1655 baie kort in die Tafelbaai versuim het, omdat die skippers verwag het om op Sint-Helena veel meer vleis te kry. Hulle het dit daar ook maar sleg getref, en Van Riebeeck, baie beledig oor hulle minagtende houding, kon hierdie keer lekker koning kraai, toe hy verneem dat dieselfde mense wat sy kool en wortels versmaai het, daar later seker "vinger ende duym na gelickt" het; maar dit was vir die kommandeur 'n vernederende feit dat Sint-Helena nog altyd as proviesieplek met die Kaap kon konkurser. Hy moes wool en werskaf, en uit dié bedrywigheid wat hom so van buite af opgelê is, het die egte kolonisasie van Suid-Afrika gevloei.

§ 5. Die Vleiskwessie.

Vir die retoerskepe van die begin van die jaar 1653 was 'n aansienlike voorraad vleis beskikbaar gewees. Jan van Riebeeck kon egter nie net van die hand tot die mond lewe nie. Hy moes voorsien in die behoeftes van die Kaapse besetting en die hospitaalpasjente, tesame omtrent 'n honderd-en-sewentig persone. Elke jaar het dan ook nog omtrent dertig Kompanjiesvaartuie, met 'n gemiddelde bemanning per skip van twee-honderd-en-veertig koppe, die Tafelbaai ingeseil en 'n paar weke hier vertoef. Here Meesters het gemeen dat die veeuil vir al hierdie doeleindes genoeg vleis sou oplewer. Jan van Riebeeck het egter

gevind dat dit dikwels nie die geval was nie. Die Hottentots het wel genoeg vee gehad, maar hulle koms na die Kaap was onseker, en die vleistoever was ook aan onvoorsiene skokke onderworpe.

Op Sondag 19 Oktober 1653, terwyl die godsdiensoefening in die Fort aan die gang was, het Harry met sy Strandlopers skielik 'n aanval op die Kompanjie se beeswagters gemaak. 'n Wit seun is vermoor, en toe die berig die Fort bereik, was die rowers reeds met ses-en-veertig beeste oor die Kloof. Die ser-sjant, Jan van Harwarden, is dadelik met 'n klompie soldate agterna gestuur, maar die Hottentots wat al die paadjies geken het, was met vee en al verdwyn en het oor Constansia-neck die duine van Valsbaai bereik. Hierdie gebeurtenis was 'n groot slag vir die Kaapse besetting. Die vlug van die Strandlopers was wel 'n verligting, want as werksvolk het hulle tog nie ge-deug nie, maar die verlies van die beeste is lelik gevoel. Van die hele veestapel het slegs een koei, een os, vier kalwers en sestig skape oorgebly. Die Kaap was dus weer feitlik sonder trekkere en met 'n sterk verminderde vleisvoorraad, wat miskien juis as gevolg van die roof nie maklik sou aangevul word nie, aangesien dit die ander Hottentots sou afskrik. En oor 'n paar maande sou die retoervloot hier wees!

Jan van Riebeeck het gedoen wat hy kon om die Kaapmans, wat uiteindelik tog verskyn het, na die Fort te lok. Hy het vir Gogosoa persoonlik gaan opsoek en volgens die Dagverhaal het hulle mekaar om die hals geval, "als de grootste vrunden van de werelt, sulcx dat wij al weder een cleet bedierven vermits hare smericheyt van den traen ende vuylichey, daer se haer soo mede besmeert hadden, dat se glommen in de son als spiegels." Die Hottentots is by die hand geneem en "alsoo dansende, springende ende singende" is hulle na die Fort gebring, "daer deselve lustich lieten opvullen met tabacq, aracq ende eeten, nevens veelderley apenspel." Van Riebeeck se ondergeskiktes was nie baie gedien van hierdie politiek nie, veral toe hulle merk dat van hulle gesteelde vee onder die troppe van die Vet Kaptein loop, en dat die Kaapmans en Strandlopers dus kop-in-een-mus was; maar die regering het streng plakate teen enige mishandeling of gewelddadigheid teenoor die Hottentots uitgevaardig. Die moord moes ongestraf bly, en selfs teenoor Harry wat hom voorlopig skuil gehou het, moes 'n politiek van "vergeten ende vergeven" gevolg word. Die natuurlike-probleem, 'n direkte uitvloei van die veekwessie, tree dus weer te voorskyn, en ons sien met watter verbasende lankmoedigheid die Hottentots behandel is. Al hierdie lankmoedigheid het intussen nie

veel gebaat nie. Die Kaapmans het maar min vee verruil, en het hoe langer hoe brutaler geword. Aanrandinge op blankes het toegeneem, selfs die koper knopies aan die klere van die kinders is gesteel, en so gevaarlik was die toestand, dat “men in d' een handt 't wercktuigh ende in d' ander wel geduyrich 't geweer (diende) te hebben.” Vir die veiligheid is die skape na Robbeneiland gebring.

Ons sal ons herinner dat in hierdie tyd die kos ook baie skaars geword het, en in die verbygaan mag hier gewys word op 'n teken van die wonderlike optimisme van Jan van Riebeeck. Onder al die swaarkry is op 6 April 1654 die verjaarsdag van die Kaap vir die eerste keer gevier, en dié datum is ingestel “tot een vast blyvende danck- ende bededagh, ten eynde daer by des Heeren weldaeden aen ons bewesen, by ons nacomelingen noyt vergeten, maer altijd tot Godes eere ter gedachtenisse in memorie gehouden mogen worden.”

In die begin van 1655 het twee belangrike persone die Kaap besoek, eers Sterthemius, “Raad van India,” op weg na Batavia, en na hom Rijkloff van Goens, die admiraal van die retoervloot. Albei het maar min vleis vir hulle skepe gekry, en nou is besluit om togte land-in te stuur om die veebesittende Hottentotstamme na die Fort te lok. In Maart 1655 het die eerste ekspediesie die Kaap verlaat, die begin van dié trek na die bineland toe, om of met vee, wat die witman uiteindelik tot op die walle van die Limpopo sou bring. Die leier was Jan Wintervogel, 'n “lustige bosloper,” wat die hele Brasilië deurreis het. Die geselskap het deur die teenswoordige Malmesbury-distrik vir omtrent eenhonderd-en-vyftig myl na die noorde getrek en drie weke weggebly. Hulle het sonder vee teruggekeer, maar die verblydende nuus gebring dat die sogenaamde “regte Saldanhars,” 'n stamgroep waartoe die Kaapmans ook behoort het, met baie vee in die buurt van Saldanhabaai woonagtig was. Hierdie reisigers was ook die eerste blankes wat met die Boesmans kennis gemaak het, en in die reisverhaal word die ras as volg beskrywe: “Seecker natie van seer cleyne stature ende arm van leven, heel wilt, sonder eenige huysjes, vee ofte yts ter werelt, geleeft wesende met vellekens als dese Hottentoes ende mede byna soo spreekende.”

Die Kaapmans het in vyandskap met die “regte Saldanhars” gelewe, en miskien omdat hulle hul koms na die Kaap met vrees en afguns afgewag het, begin hulle nou weer op 'n vriendskapliker voet met die blankes te verkeer. In die winter van 1655 verskyn Harry ook weer aan die Kaap en kry vergifnis. Die vooruitsigte van 'n groter veetoevoer was dus veel verbeter,

maar dit het voorlopig ook maar by vooruitsigte gebly; en in die tussentyd dring Here XVII daarop aan dat die vleisvoorraad vermeerder moes word. Harry is uitgestuur, en 'n aantal blankes onder Willem Muller, het hom vergesel tot in 'n baie vrugbare streek waaraan later die naam Hottentots-Holland gegee is. Al hierdie ondernemings het eindelijk vrugte afgewerp, en teen die end van die jaar 1655 het die Kompanjiesveestapel op meer as 400 horingvee en by die 600 skape gestaan.

Eindelijk het dit gelyk asof die vleiskwessie opgelos was, en Jan van Riebeeck begin al te praat van ruilekspediesies wat tot in die land van Monomotapa sou deurdring. Op die kaarte tot sy beskikking was dit as 'n groot keiserryk met stede, soos Vigiti Magna, ens., afgeteken, en die kommandeur het gehoop om 'n winsgewende handelsverkeer met dié belangrike staat, wat ongelukkig egter alleen in die verbeelding van die kaartmakers bestaan het, aan te knoop. Moeilikhede in die onmiddellike omgewing van die Kaap het hom egter gou van sy dromery afgebring. Die veetoevoer was nou grotendeels van stamme soos die Saldanhars en ander wat betreklik ver van die Kaap gewoon het. Die Kaapmans, as veehandelaars, verloor hulle eerste betekenis. Hulle en die Strandlopers hou hulle egter meer en meer aan die onmiddellike omgewing van die Fort. Hulle leer op die manier die Hollandse taal aan, "insonderheyt de jonge kinderen," maar dit maak hulle nie eintlik van meer waarde vir die blankes nie, want die oorspronklike geaardheid was nog altyd daar. Hulle is, kla Van Riebeeck, soos die voëls, "die liever in 't wilt vliegen als de beste coninghs zalen bewoonen. Oock is 't haer grootste penitentie, wanneer se niet als de varekens mogen morssen ende wentelen in alle vuyligtheyt ende smeerderye." Hulle maak daarby aanspraak op die Kaapse weiveld as hulle eiendom; en toe die blankes, met 'n sterk vermeerderde veestapel, die Hottentots se beste en skape uit die Skiereiland verwyder wou hê, het Harry en Gogosoa geprotesteer. Die tweede groot wrywingsgrond tussen blanke en natuurel tree te voorskyn: daar was nie genoeg weiveld vir albei nie; en uit die wrywing kom weer stryd. Die Hottentots word brutaal; en aangesien hulle reeds oorlams genoeg was om te weet dat die skietwapens wat met lont afgevuur is, in nat weer onbruikbaar was, kon hulle met des te meer gemak die ou roofpolitiek voortsit. Vir die vuursteen-pangewere, die sogenaamde "snaphanen," het hulle egter nog altyd 'n groot respek gehad.

Die noodsaaklikheid om die Kaapse neersetting, wat volgens die oorspronklike bedoeling tot die voet van Tafelberg moes beperk bly, uit te brei, dring hom aan Jan van Riebeeck op. In

1655 het Van Goens reeds aanbeveel om die Kaapse Skiereiland teen die Hottentots te sluit deur 'n kanaal tussen Valsbaai en Tafelbaai te grawe, natuurlik 'n onuitvoerbare plan. Met die uitbreiding van die Kompanjiesboerdery kom die gedagte op om 'n grensheining te maak. Ook hierdie plan is nie onmiddellik verwesenlik nie, maar die groot feit is, dat in 1656 die witman nie meer alleen die Tafelbaai bewoon nie, maar met sy vee en tuingereedskap tot aan Rondebosch trek. Hier was nou die grens van die beskawing in Suid-Afrika, en die grenskwessie, dié uitstaande probleem van ons geskiedenis tot diep in die neëntiende eeu, is gebore.

Die vraag was: wie sou die grens teen die naturel beveilig? Voorlopig is dié plig aan 'n paar soldate en gewapende beeswagters, almal natuurlik besoldigde beamptes, opgedra; maar die besuinigings-beginsel van Here XVII, wat Jan van Riebeeck in sy eie belang altyd onderskryf het, het hom reeds lank laat insien dat vir 'n uitgebreide boerdery en die beskerming daarvan, egte, vrye koloniste noodsaaklik was. Hy het dan ook al begin om na 'n oplossing vir die vleiskwessie in dié rigting te soek. Hy was van oordeel dat die veeboerdery, waartoe die Kompanjie nou langsamerhand moes oorgaan, beter vorder as dit aan individuele inisiatief van privaat persone as aan die sorgeloosheid van huurlinge opgedra is. “ 't Gemene volekjen, met de minste moeyte liefst beholpen sijnde, dencken hunne gagie gaet echter haer gangh,” en kyk nie na die kalwers nie — was sy opvatting. In Oktober 1655 is dus 'n begin gemaak om aan Annetjie, die vrou van Hendrik Boom, die baastuinier, koeie te verpag. Sy sou seker meer sorg aan die dag lê, want sy kon melk en botter verkoop, en sy het ag kinders gehad om haar te help! Sy is reeds as “een vrye vrouwe” beskou, en het enkele maande later ook nog die reg gekry om 'n herberg vir die passerende mense te open. Die Afrikaanse privaatboerdery het dus met 'n vrou begin!

Nog duideliker sien ons hoe onvermydelik hierdie oorgang tot egte kolonisasie was, as ons op die ontwikkeling van die landbou let.

§ 6. Die Koringkwessie.

Deur die veeruil en die veeboerdery het Jan van Riebeeck dit uiteindelik tog so ver gebring dat daar by rukke aan die Kaap 'n genoegsame vleisvoorraad was; hy kon ook met trots wys op die oorvloed van groente en vrugte wat sy tuine opgebring het; in die behoefte aan graan, selfs vir die Kaapse neersetting, kon hy egter nooit op die duur voorsien nie. Jaar na

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

jaar moes rys van Madagaskar ingevoer word, en Here Meesters wat deur sy te optimistiese voorstellings onder die indruk gekom het, dat die Kaap selfs graan na Indië sou kon stuur, was baie teleurgestel en het hom dikwels verwyte gemaak.

Ook hier dus die drang van buite! Die produksie van koring en ander graansoorte moes vermeerder word. Teen alle moeikhede in moes dit gebeur, want die rantsoenering van die Kaap, dit was die groot saak, moes ophou!

Onmiddellik na sy aankoms het die kommandeur die grond aan die voet van Tafelberg as besonder geskik vir landbou op 'n groot skaal beskrywe. Die enigste moeilikheid wat hy toe raakgesien het, was die gebrek aan arbeidskragte, en aangesien die Hottentots onbruikbaar was, wou hy vir dié doel Sjinese invoer, selfs duisende. 'n Poging is werklik aangewend om hulle uit Oos-Indië oor te bring, maar hulle wou nie kom nie. Die verdere omgewing van die Berg was betreklik gou bekend. Veral die houtkappers moes altyd verder gaan om groot bome, waarvan goeie planke kon gesaag word, te kry. Reeds in September 1652 besoek die kommandeur die teenswoordige Wynberg om nuwe bosse op te spoor, en hy is baie getref deur die pragtige weiveld en bougrond daar, "seer wijd, breed en vlak leggende, met fraaije en vele, ja ontelbare verske rivieren doorstrengeld." Weer spyt dit hom dat hierdie grond ongebruik moes lê, "waaraan Chineesen of andere vrije lieden fraai konden te werk komen." Met die verwoesting van die eerste graanoes in die Tafelvallei deur die suidoos, was daar 'n rede te meer om die landbou na hierdie kant toe uit te brei, want die ontdekking is gemaak dat die wind by Wynberg en Rondebos minder sterk waai. Weer bekyk Jan van Riebeeck "de valeyen achter de Soute reviere. . . . soo plaisant ende effen als men soude willen wenschen," en hy verlang na Vryburgers, aan wie die Kompanjie geen onkoste sou hê nie, en wat 'n oorvloed van graan hier kon verbou. Hy begin die saak in sy briewe aan Here XVII aan te voer, en sy uitgangspunt bly, nie kolonisasie nie, maar besuiniging; want, sê hy, "soo was 't beter datter noyt vrij man quam." Sy voorstel was om beamptes, wat dit verkies, uit die diens te ontslaan en aan hulle grond te gee onder voorwaarde dat hulle minstens tien jaar aan die Kaap bly; so, meen hy, sou hulle "mettertijt heel van Hollant afwenen ende eenemaal van dese plaetse haer vaderlant mogen maecken."

Kolonisasie deur Vryburgers was nie 'n nuwe ding in die geskiedenis van die Kompanjie nie; Coen het reeds in Batavia daarmee 'n begin gemaak, en onder sy opvolgers was manne-

soos Maetsuijker wat ook in die rigting goeie werk gedaan het. In Indië, nes in Suid-Afrika, was die hoofdoel daarby om die landbou-produksie te bevorder. Dit was onder die omstandighede nie moeilik vir Van Riebeeck om die outoriteite vir sy plan te wen nie, en in Oktober 1655 besluit Here XVII dat Kompanjiesbeamptes aan die Kaap onder sekere voorwaardes vrye koloniste kon word.

Jan van Riebeeck was nie haastig om van hierdie verlof gebruik te maak nie. Die gebrek aan arbeidskragte het hom nog altyd gehinder, en hy was in korrespondensie met die bewindhebbers oor die invoer van slawe. Hy sou miskien liefs gewag het tot die slawe hier was, en hy wou ook eers proef-ondervindelik vasstel, of die graanbou by Rondebos 'n sukses sou wees. Met die winterreëns van 1656 laat hy dan ook die eerste land hier omploeg en met koring, rys en hawer besaai. Die rys was 'n mislukking, maar die ander grane het mooi oeste gelewer, en toe Here XVII teen die end van 1656 hulle verbasing te kenne gee, dat daar nog geen Vryburgers was nie, besluit die kommandeur en sy raad om maar sonder slawe die sprong te waag en in die begin van die volgende jaar die eerste plase uit te gee.

HOOFSTUK V

DIE KAAP WORD 'N KOLONIE (1657 — 1662).

§ 1. Die Eerste Vryburgers.

Op 20 Februarie 1657 het die eerste Vryburgers hulle plase gekry. Aan 'n geselskap onder Harmen Remajenne is 'n stuk grond oorkant die Liesbeekrivier toegeken, aan Steven Janszen en sy mense een by " 't Rondebosjen," wes van die rivier. So kom "Harmans Kolonie ofte Groenevelt" en "Stevens Kolonie ofte de Hollandse Thuy'n" tot stand, en toe die eerste winterreëns val, was nege vryboere besig om hier die aarde om te keer. Ook die Kompanjieslande is vergroot, en 'n fortjie "Koornhoop," is opgerig. Dit was 'n interessante bedrywigheid, maar alles nog op 'n betreklike klein skaal. Harmans Kolonie het 'n ploeg gehad, maar vir Steven Janszen en sy geselskap was nie een te spaar nie; hulle moes spit!

Met groot genocë het Jan van Riebeeck die nuwe ontwikkelings aan besoekers vertoon. Onder hulle was Ryckloff van Goens, wat in Maart 1657 uit Patria hier aangekom het. As kommissaris het hy opdrag gehad om oor die toestand van die Kaapse neersetting rapport te doen, en hy het aan alles sy noukeurige aandag geskenk. Hy het veral die graanbou onder die koloniste aangemoedig, en in verband daarmee die mooi sin neergeskrywe: "Want wy connen hier geen Edellieden werden, voor dat (wij) eerst goede Boeren geweest sijn." Godée Molsbergen in sy lewensbeskrywing van Jan van Riebeeck noem hierdie sin met reg: "de profetie van de natie der Boeren." Op die basis van die landbou en die veeboerdery sou die nakomelinge van die eerste nege vrymanne tot in volk van groot grondbesitters ontwikkel en Suid-Afrika 'n land word, waar die boer op sy plaas, soos 'n outydse ridder in sy kasteel, met patriargale heersersmag sou beklee wees.

Die voorwaardes, waaronder vrybriewe aan die koloniste uitgereik is, was die volgende: hulle kry soveel grond in volle eiendom soos hulle in drie jaar onder bewerking bring; voorlopig betaal hulle geen belastings nie; benodighede word aan hulle deur die Kompanjie teen inkoopprys verskaf, ook vee teen

25*f* per bees en 3*f* per skaap (20 stuiwers = 1 gulden *f*; 1 st = 1*d.*); die Kompanjie het die eerste aanspraak op hulle produkte teen vasgestelde pryse, maar wat die regering nie nodig het nie, mag hulle “vrij ende vranck” aan vreemde skepe verkoop drie dae na hulle aankoms; hulle mag geen vee van die Hottentots ruil nie. Kommissaris van Goens het één belangrike wysiging in hierdie voorwaardes gemaak. Hy het die laaste bepaling gekanselleer en die veeruil vir die burgers oopgegooi. Hy was blykbaar nie so seker soos Van Riebeeck dat die amptelike veehandel genoeg vleis sou oplewer nie, en dit was ook duidelik dat die boere o.a. vir trek- en bemestings-doeleindes onmiddellik meer beeste nodig had as wat die regering aan hulle kon afstaan. Weiveld in eiendom het hulle nie gekry nie, want die landbou was die hoofsaak, maar hulle kon hul vee op die Kompanjiesgrond laat loop.

In 1657 is meer as vyftig vrybriewe uitgereik, en in die volgende jare vind ons dat gereeld 'n aansienlike aantal beamptes om hulle “vrijdom” aansoek doen. Die meeste het boere geword, maar daar was ook vrye messelaars, vrye wildskutte, vrye houtkappers, vrye vissers, ens. Baie egter het nie van die “vrye” lewe gehou nie, en is weer in die Kompanjiesdiens opgeneem. Toe Van Riebeeck die Kaap verlaat, was daar maar omtrent sestig vryburgers. Onder hulle kom vanne voor soos Botma, Claessen, Cloete, Louw, Van der Merwe, Mostert, Visagie, Visser en Van der Westhuijsen, bekende Afrikaanse geslagte dus wat in die wordingsuur van ons geskiedenis hier verteenwoordig was.

Gelyktydig met die instelling van Vryburgers is weer planne bespreek om in die behoefte aan arbeidskragte te voorsien, en Van Goens het toegestem dat slawe sou ingevoer word. “Swart ivoor” was nie 'n handelsartikel van die Nederlandse Oosindiese Kompanjie nie, en in sy oostelike besittings is alleen huisslawe, en in betreklike klein getalle, gebruik, maar dit sou maklik wees om van die wes- en ooskus van Middel-Afrika soveel slawe te kry as vir die Kaap nodig was. Loanda, die hawe van Angola, was die poort waardeur die Portugese duisende slawe jaarliks na die Wesindiese en Amerikaanse plantasies gebring het, en van hier het ook die eerste skeepslanding na die Kaap gekom. Nederland was nog altyd in oorlog met Portugal, en in die begin van 1658 het die *Amersfoort*, 'n Oosindië-vaarder, 'n Portugese slaweskip wat op weg was van Angola na Brasilië, buitgemaak en eenhonderd-en-sewentig slawe en slavinne, meestal “meysjens ende kleyne jongens” in die Tafel-

baai ontskeep. Kort daarna is nog 'n paar honderd van die Guineekus ingevoer.

Nes daar vandag in die Oos-Asiatiese handelsgebiede 'n algemene handelstaal aangetref word, die sogenaamde *Pidgin-English*, so was daar in die Portugese handelsterrein destyds 'n algemene *lingua franca* of verkeersmedium, nl., 'n verminkte brabbeltaal veral uit Maleis en Portugees opgebou. Ryckloff van Goens het bevele nagelaat dat hierdie taal, wat baie Nederlandse matrose ook geken het, nie met die slawe na Suid-Afrika moes gebring word nie. Hulle moes "ons moedertaal" leer, en veral vir dié doel, maar ook om hulle die beginsels van die kristelike godsdienst by te bring, is reeds in April 1658 'n slaweskool aan die Kaap opgerig. Pieter van der Stael, die sieketrooster of ongeordende evangelis, was die skoolmeester en het sy swart leerlinge 'n bietjie in die lees-, skryf- en rekenkuns geoefen en die "Onse Vader" laat opsê, en as die skool uitgaan gee hy hulle op bevel van die kommandeur, tot aanmoediging, 'n doppie brandewyn en twee duim tabak! Vir die blanke kinders was nog geen skool gestig nie, omdat hulle getal nog te klein was. Sommige van die wat nie tuis onderwys kon kry nie, het die slaweskool bygewoon, maar party het dit nooit baie ver in die geleerdheid gebring nie! Ons kan egter met veiligheid aanneem, dat onder die blanke bewoners van Suid-Afrika daar na verhouding altyd ongeveer net so veel of net so min mense was, wat hulle naam kon teken en hulle Bybel kon lees as in die meeste Wes-Europese lande.

Die vryburgers het slawe op krediet van die Kompanjie gekry, en die boerdery en die kolonisasie kon nou aangaan. Vir die regeringstuine en -saailande, en vir die plase van die boere was eindelijk arbeidskragte genoeg voor hande. Egter, — na mate sommige van die eerste moeilikhede opgelos is, verskyn daar nuwes of neem van die reeds bestaande 'n lastiger vorm aan. Die slawe loop weg, en juis in Mei en Junie 1658, die saai-tyd, dros hulle in hope. So kom b.v. op 18 Junie die vryburger, Caspar Brinckman, "met schreyende oogen" by die Fort kla, "dat hem al sy vier Gunese slaven ende slavinnen desen nacht ontlopen waren." En hy was vir hulle 400 guldens, d.w.s. £33:6:8, by die Kompanjie in die skuld!

Hierdie algemene weglopery was nie die gevolg van enkele gevalle van hardhandige behandeling deur die base nie, maar wel van die natuurlike neiging van die slawe om hulle geboorteland in die noorde weer te bereik of om in die luilekkerlewe van die Hottentots te deel en met hulle gemene saak teen die blankes te maak. Dit was juis die lokwenke van die Kaapse

naturelle, en veral van die vroulike element daarin, wat vir 'n Titus of Adonis, 'n Adam of Salomo, 'n Januarie of Vrydag, die pad van die vryheid laat kies het.

En so kom ons weer, soos nog dikwels sal gebeur, by die naturelle-kwessie uit.

§ 2. Die Naturelle-Kwessie.

Die weglok van die slawe deur die Hottentots was slegs 'n onderdeel van die toenemende lastigheid wat die blankes, en veral die grensbewoners, van die naaste stamme moes verduur.

Terwyl Van Riebeeck besig was om hulle plasies vir die vryburgers aan te wys, het die volgende gebeur: "Harry ende den Vetten Capteyn met eenige hare principaelsten ons dus siende overal speculeren, ende horende praten van hier ende daer huysen etc. te maken (aloo se doch al veel van de Duytse tale kunnen verstaen ende spreeken...) vragden, *als wij daer huysen wilden maken ende het landt breecken*, gelijk sij merkten ons voornemen te wezen, *waer sij dan wonen souden.*" Die kommandeur se antwoord was: "Daar sal wel nog weiveld vir julle oorbly, en dink daaraan, *ons sal julle onder ons beskerming neem*, en op die grond waaroor julle kla, gaan ons *brood en tabak* produseer, *waarvan ons vir julle sal gee.*"

Harry en Gogosoa was nie tevrede nie. Soos orals waar die witman met die barbaar in aanraking gekom het, het Jan van Riebeeck hier: (1) die Hottentots probeer gerusstel oor die verlies van hulle land, (2) hulle beskerming aangebied, (3) hulle bewys dat dit in hulle eie voordeel was om die land deur blankes te laat bewoon en bewerk; en, soos orals in die wêreld, was die naturel wel begerig om van die vrugte van die beskawing: brood en tabak en — brandewyn, te geniet, maar met die intrek van die witman in sy land was hy tog nie versoen nie.

Die veediefstalle het toegeneem, en juis tydens die groot weglopery van die slawe was dit so erg, en was die koloniste so geïrriteer, dat hulle teenmaatreëls begin tref. In Mei 1658 verloor Hendrik Boom, nou nie meer baastuinier nie maar 'n flukse boer op die grens, ses koeie en 'n bul. Hy vermoed dat die Kaapmans sy vee gesteel het, en sy vriend en buurman, Jan Reiniersz, loop hulle storm en vang vir Gogosoa, "een out diek man sijnde ende niet wel voort cunnende." Die regering tree tussenbei en die Vet Kaptein kry weer sy vryheid, maar twee van sy seuns, daaronder Schacher, die oudste, is in die Fort gelok en as gyselaars vasgehou. Dieselfde lot tref vir Harry en 'n paar van sy voorste mense, en by hulle arres moes die sersjant sy geweer gebruik en één Hottentot is doodgeskiet

en 'n ander gewond. Nadat hulle van die slawe teruggebring het, is met die Kaapmans vrede gesluit. Hulle belowe om die Sout- en die Liesbeekriviere as die grens te respekteer en nie hulle beeste op die blankes se weigronde te laat kom nie. Vir Harry was daar egter geen genade nie; hy het al te veel op sy kerfstok gehad. Sy honderd beeste, almal feitlik gesteelde goed, is gekonfiskeer, en hy met sy maat, Jan Cou, die moordenaar van die eerste beeswagterseun, is na Robbeneiland verban. Die Strandlopers het onder die Kaapmans gaan woon, en in Julie 1658 kom een van die seuns van Gogosoa vir Van Riebeeck waar-sku dat hulle plan het om die gekonfiskeerde beeste weer te vat. Die kommandeur, wat nieteenstaande die vrede, ook vir Harry se gewese bondgenote nie vertrou nie, antwoord: Laat hulle maar kom; hulle sal op kruut en lood getrakteer word, "al-soo der nu niet meer mede gejoekt soude worden"; en, sê hy, die Kaapmans self moet ook maar oppas dat hulle hul nie onder die rowers bevind nie, want almal sou "met één sop overgoten worden."

As gevolg waarskynlik van hierdie sterk naturelle-politiek het die veehandel pragtig vooruitgegaan. Die vryburgers het nie meer daaraan deel gehad nie, want op Van Riebeeck se voorstel het Here XVII in 1658 Van Goens se toelating weer ingetrek, omdat hulle bang was dat die vryburgers die prys van vee sou laat styg. Weer die suinigheidsbeginsel dus! Van Riebeeck het ook ander redes vir sy voorstel gehad. Hy wou deur 'n soort van segregasiepolitiek botsinge met die Hottentots vermy, en daarby ook die awentuurlike neiging van die grens-boere, om op ruilekspediesies die land in te trek, teenwerk, en hulle by die landbou bepaal. Dié neiging was van die staanspoor af duidelik bespeurbaar. In Junie 1657 gaan 'n geselskap vryburgers, sonder verlof van die regering, op 'n ruitog na 'n streek wat sedert die tyd Hottentots-Holland heet. In Oktober van dieselfde jaar vergesel ag van hulle 'n goed georganiseerde regeringsekspediesie, onder Abraham Gabbema, die Fiskaal, en op hierdie mooi tog in die bolandse lente, tussen Klapmuts en die Pêrelberg deur tot in die dal van die Groot Bergrivier was dit weer die boere wat vorentoe gedwing het. In Novembermaand onderneem 'n aantal van hulle nog 'n keer 'n landreis; maar toe kort daarna 'n geselskap andermaal om verlof tot 'n ruilekspediesie by Van Riebeeck aanklop, het hy sy voet neergesit en hulle daaraan herinner dat hulle liever hul oeste moes insamel en begin om ordentlike huise en skure te bou. Kort hierna is die veeruil toe vir die vryburgers gesluit, en die Kaapse regering het ook werklik hulle hulp in hierdie saak des-

tyds nie nodig gehad nie. Deur die bemiddeling veral van Eva, die niggie van Harry, wat geruime tyd in die kommandeur se huis gewoon het en as baie Hollandsgesind wou deurgaan (“alsoo sy met Duytse woorden seyde, dat se een Duyts hart in 't lijff had”) is die “regte Saldanhars” of Kogokwas onder Oedaso, haar swaer, na die Fort gelok. Ook 'n ander veeryk stam, die Gainoukwas onder Gaihantima, het verskyn, en die veestapel het sterk toegeneem. Die regerings-ruiltogte is ook verder voortgesit. In die lente van 1658 het b.v. die sersjant, Jan van Harwarden, met Gonnema, die Swart Kaptein, 'n ander Kogokwahoor, in verbinding getree, en 'n mooi trop vee by hom gekry. In die begin van 1659 is reeds pogings aangevend om met die Namakwas, van wie se rykdom en hoër beskawing baie rooskleurige berigte die Kaap bereik het, in aanraking te kom, en Jan van Riebeeck droom ook weer van handelsverbindings met Monomotapa.

Deur hierdie uitgebreide aktiwiteit van die blankes is die Kaapmans en hulle vriende as veebesitters meer en meer op die agtergrond gedruk. Hulle het ook grond gehad om te vrees dat die vermeerderde veestapel van die witman tot 'n verder inbeslagneem van weiveld sou lei, en daarby het nog gekom dat juis na mate die veebesit van die oorsese indringer toegeneem het, die versoeking en die geleentheid vir die naturel om hom daarmee te verryk ook groter geword het.

In Mei 1659 het die diewery van die Kaapmans op die grens baie erg geword, — soos gewoonlik in die begin van die winter, wanneer die veldkos skaars, en die weiveld swak was en die vuurwapens hulle nuttigheid grotendeels verloor het. Die grensboere was nie geneig om dit te verdra nie, en hulle verskyn voor Van Riebeeck met die volgende rekwes: “So versoeken wij gesamentlijcq, dat op de Caepmans eens ter degen magh revengie genomen worden. . . . alsoo wij ons suffisant kennen ons van alle schade ende overval der Hottentots te beschermen. . . . ende sullen wij maecken lustigh fix ende greeet op ons geweer te sijn, ende te passen op UE. woort, als de Heer maer gelieft te laten weten, wanneer wij uyt sullen, 't sy nacht off dach.” Die grondtoon van hierdie versoek van die grensboere is die vaste oortuiging dat hulle “suffisant,” mangesoeg, sou wees om desnoods alleen hulle lewe en besit teen die naturelle te verdedig. Dieselfde oortuiging sal ons nog dikwels aantref, o.a. in 'n skrifstuk wat hulle in Desember 1658 voor die kommandeur gelê het, en waarin die trotse sin voorkom: “Want wij de beschermers van ons landt sijn.”

Die Kaapse regering het eers nog gewefel, maar toe in die

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

volgende dae die toestand so erg geword het, dat grensplase verlaat moes word, is op 19 Mei deur die Politieke Raad 'n besluit geneem om die Kaapmans aan te val. Hierdie besluit was geen uur oud nie of die tyding kom dat verskillende boere reeds al hulle vee verloor het, en dat een, Simon in 't Velt, wat sy geweer teen die rowers gebruik het “met hasagayen seer ellendigh vermoort was.” Verder is berig dat sewe burgers (die eerste Boere-Kommando!) die vyand agterna gesit het, maar soos later geblyk het, baie swak gewapen, “meestal met vorken ende maar 2 a 3 met skietgeweer!” Dus, — en hierdie proses sou hom nog dikwels herhaal — terwyl die regering nog besig was om besluite te neem, het die oorlog op die grens reeds uitbreek.

Ook in sy verloop was hierdie eerste oorlog die tiepiese voorganger van al soortgelyke botsinge tussen wit en swart in Suid-Afrika. Die Hottentots het met die eerste stormloop suksesse behaal. 'n Groot hoeveelheid vee is deur hulle buitgemaak, en sommige plase is verlaat en verwoes. Die boere bring hulle vroue en kinders na die Fort of na Koringhoop, en keer terug om hulle besittinge tot die uiterste toe te verdedig. Hulle is bygestaan deur Kompanjiesoldate, maar voor die blankes tot georganiseerde militêre operasies kon oorgaan, het die Hottentots met hulle buit teruggeval. Die moeilikheid was toe om hulle op te spoor, en dit het die blankes feitlik nooit geluk om hulle onder skot te kry nie. As dit reent was die Hottentots baie brutaal; 'n klompie het b.v. in 'n storthui dertig ploegbeeste onder die mure van die Groot Skuur, by die Kompanjiesaailand kom wegja. By 'n ander geleentheid skree hulle vir Caspar Brinckman, wat naas die verlies van sy slawe nou ook die van al sy vee moes beweene: Of hy al weer ander beeste van die kommandeur gekry het; dan sou hulle dié ook dadelik kom haal.

Die Kaapmans en die Strandlopers was nou heeltemal verenselwig. Hulle leiers was Gogosoa met sy seuns, en Doman, (of Dominee), die opvolger van Harry as tolk, wat weens sy vroom predikantsgesig sy naam gekry het. Oedaso met sy Kogokwas speel dieselfde rol wat b.v. Gaika en Hintza later met veel sukses herhaal het. Hy gee voor dat hy teenoor die blankes op die basis van 'n vriendskaplike neutraliteit staan; ja, hy belowe selfs om hulle die Kaapmans se skuilplekke te wys; en toe die sersjant hom na die Fort kom uitnooi, slaan hy die hand op sy bors en sê: “Dis onmoontlik om my vleeslike hart uit my boesem te ruk, anders sou ek dit die kommandeur toestuur; maar laat hom die siel daaruit neem en met

syne verenig, en sê vir hom dat ek baie gou self na hom sal kom om ons harte soos stukke yster aanmekaar te smee." Intussen het van die gesteelde vee onder sy troppe geloop en het sy mense lekker saamgeroof, en 'n slegte gewete het die kaptein ver van die Fort gehou.

Teen sulke listige vyande kon die ongeoeffende Nederlanders nie oorlog voer nie. Al wat gedaan kon word was om die rowery te voorkom, en die lang bestaande plan om die Kolonie met 'n grensheining af te sluit is nou uitgevoer. Dit het geloop van die berghelling by die oorsprong van die Liesbeekekrivier en oos van dié rivier oor die Bosheuwel (Wynberg), in 'n wye boog om al die plase in te sluit, na die mond van die Soutrivier, waar 'n "redout," *Kyckuyt*, opgerig is. Twee ander hout fortjies is wes van die Liesbeekekrivier gebou, *Keert de Koe*, na die see se kant toe, en *Houd den Bul*, naby die berg. Soldate is in die forte gestasionneer, en 'n ruitewag met groot honde het die grens gepatrolleer. Hierdie maatreëls was afdoende, en ofskoon die oorlogstoestand nog maande geduur het, was die Kolonie veilig.

In die begin van 1660 was die Hottentots begerig om vrede te sluit. Hulle was moeg vir 'n toestand waarin hulle, sonder die kompensasie van roof, die voordele aan die nabyheid van die blankes verbind moes ontbeer. Harmen Remanjenne het vir Harry, wat gedurende die oorlog van Robbeneiland in 'n boot gevlug het, en Gogosoa met sy raadgewers omgehaal om na die Fort te kom en op 6 April 1660, het die formele vredesluiting daar gevolg. Die verlede sou as "een verhael van gepasseerde saecken" beskou word; die gesteelde vee kon wel nie gerestitueer word nie, maar die Kaapmans sou hulle bes doen om die veeruil met ander stamme weer te verlewendig; hulle sou die grense van die Kolonie respekteer. Daarna is "Gogosoa; Herry ende alle de principaelsten tot omtrent 40 personen, met koper, eraelen ende tabacq vereert, ende met eeten ende drinken voorts soo wel getracteert, dat se altemalen lustigh bestoven wierden."

By die vredesonderhandelinge is die aanspraak van die witman op 'n deel van Suid-Afrika, en die reg van die naturel om hom daaruit te hou, prinsipiël bespreek, so prinsipiël en grondig dat dit hier vir die hele latere tyd kan afgehandel word. Die grens sal na die ooste en die noorde honderde myle verder verskuiwe word, maar dieselfde beginsels, wat vir die Liesbeekekrivier gegeld het, sal *mutatis mutandis* by die Visrivier, Toegela en die Sambesie van toepassing wees. Die Hottentots het weer uitgegaan van die standpunt dat die blankes hulle

land, “ ’t welek haer van alle eeuwen eygen toegecomen had, ende waarop sy gewoon waren haer vee te weiden etc.,” afge- neem het “vragende oock, als sij in Hollant quamen, off men haer sulex wel soude toelaten.” Jan van Riebeeck antwoord dat hulle uit die Kolonie moet geweerd word, omdat daar vir hulle vee én die van die blankes nie genoeg gras was nie. Die repliek van die Hottentots het onmiddellik gevolg: “Hebben wij dan geen oorsaecken te beletten, dat gij geen beesten crijght ,de- wijl gij, veel hebbende, onse weyden daarmede comt te beslaen; ende te seggen ’t lant is niet groot genoeg voor ons beyden, wie sal dan met ’t beste recht wijcken, den rechten eygenaer off den vreemden innemer?” Jan van Riebeeck was in ’n hoek gekeer en moes uiteindelik met die laaste woord van die beskaafde kolonis- teenoor die onbeskaafde inboorling uitkom: “Dat sy dat landt nu met den oorlogh verloren hadden ende daerom geen ander staet te maecken als hetselve glad quijt te sijn.” Hierdie sterk en harde uitspraak word dan verder enigszins gekwalifiseer: die oorlog was, van die kant van die blankes beskou, suiwer defen- sief en deur die roofpolitiek van die Hottentots veroorsaak; dat hulle hul land verloor het, was hulle eie skuld.

Jan van Riebeeck se verdediging van die aanspraak van die witman is nie swak nie, maar ons kan vandag verder gaan. Ons kan daarop wys dat geen individu of volk ’n absolute besitreg op grond het nie. Wie iets wil bly besit, moet deur sy gebruik daarvan gedurig sy reg daarop handhaaf. Dit is die leer van die gelykenis van die Tien Talente en dit is ook die leer van die hele geskiedenis. ’n Volk is verplig om sy land so diensbaar moontlik vir die mensdom te maak. Hy moet daarvoor sorg dat dit soveel menslike bestaansmiddels produseer as wat dit kan, en dat gesonde maatskaplike verhoudinge daarin bestaan, anders sal ’n ander hoër-staande volk, wat meer produkte daaruit haal en ’n meer ontwikkelde begrip van sedelikheid en maatskaplike deugde besit, die sedelike reg daarop verwerf. Dit is ’n harde wet, maar regverdig en absoluut noodsaaklik vir die vooruitgang van die wêreld. Op hierdie sedelike beginsel berus uiteindelik die kolonisasie, nie alleen van Suid-Afrika nie, maar ook van Amerika, Indië, Australië en Nu-Seeland.

§ 3. Regering en Koloniste.

Ons het regering en koloniste gesamentlik aan die opbou en die verdediging van ’n beskaafde Suid-Afrika sien werk; ons moet nou eers beter met hulle kennis maak en hulle onderlinge verhouding nagaan.

Die konstitusionele geskiedenis van Suid-Afrika, wat in die Britse Kanaal aan boord van die *Drommedaris* begin, het tot die instelling van die vryburgers die vorm behou wat dit daar aangeneem het. Die enigste regeringsliggaam was die Politieke Raad, wat bestaan het uit: die kommandeur as voorsitter, die sekunde, die sersjant, die boekhouer en 'n sekretaris (laasgenoemde sonder stem); maar die bevelvoerders van Kompanjieskepe kon tydens hulle verblyf aan die Kaap ook sitting daarop neem. Die kommandeur was dan nie noodsaaklik voorsitter van so 'n Breë Raad nie, want hy moes sy plek afstaan aan iemand wat 'n hoër rang in die diens beklee. Die Kaapse regering was verder ondergeskik aan Here XVII, die Hoë Regering in Indië en hulle kommissarisse.

Histories beskou is die Politieke Raad in 'n sekere sin 'n voorbeeld van 'n regering in sy eerste ontwikkelingsstadium, en die studie van ons eie konstitusionele geskiedenis het die groot voordeel dat ons daarin kan sien, hoe so 'n eenvoudige regeringsvorm langamerhand die mees gekompliseerde en hoogste trap bereik. Die magte van 'n regering word gewoonlik in drie aparte afdelings gesplits: die legislatiewe of wetgewende mag, die administratiewe of uitvoerende mag en die regterlike mag; en hierdie indeling berus op sy natuurlike funksies: hy maak wette, sorg dat hulle uitgevoer word en straf die skenders daarvan. In die famielie oefen die vader (of die moeder, of albei) al drie hierdie magte uit: hy (of sy, of albei) besluit wat die kinders moet doen of laat, sien toe dat 'n gegewe gebod nagekom word en straf waar dit nie gebeur nie of besleg 'n twis. In die primitiewe staat was die toestand ewe eenvoudig: die regeringsmag in sy hele omvang het by één persoon of liggaam berus; die Frankiese konings b.v. het met patriargale mag oor Frankryk geregeer. Die Kaapse Politieke Raad was dan in hierdie sin, maar in hierdie sin alleen, primitief, nl. dat dit al drie regeringsfunksies uitgeoefen het.

Die konstitusionele ontwikkeling van feitlik alle volke is grotendeels die trapsgewyse verdeling van die oorspronklike eenheidsregering in aparte liggame, en wel volgens die natuurlike funksies van 'n regering; en die eerste stap is gewoonlik dat die beoefening van die regterlike mag aan 'n aparte orgaan oorgedra word. Die aanleiding hiertoe is maklik te begryp; die regspraak eis vakkennis; dit is daarby dié regeringsproses by uitnemendheid, wat vir die gewone onderdaan in sy persoon en besit aantast. Geen wonder dat die regspraak betreklik gou van 'n outokratiese sentrale regeringsliggaam weggeneem word, en aan opgeleide vakmanne, onder wie egter die verteenwoordigers van

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

die volk ook mag meepraat, toevertrou word. Die hoogste volmaking van hierdie stelsel wat ons vandag ken, is ons onafhanklike en onaantasbare regters met hulle juries. Dit is een van die bolwerke van goeie en demokratiese regering. Ons sal egter nog 'n baie lang pad moet loop, voor ons in ons geskiedenis daarby uitkom; maar dit is belangrik om daarop te let dat reeds in die tyd van Jan van Riebeeck die eerste klein stappie in die rigting gedaan is.

Vóór die instelling van die vryburgers het die Politieke Raad gewoonweg regterlike sake afgehandel en vonnisse uitgespreek. In April 1657 het kommissaris Ryckloff van Goens die vryburger Steven Janszen Botma aangestel om namens die koloniste op die Politieke Raad sitting te neem, veral wanneer dit as 'n geregshof optree. Hy was die eerste *burgerraad*. In 1658 is hy herbenoem en naas hom ook Hendrik Boom. Die afskeiding van die regterlike en die gewone bestuurlike bevoegdhede van die Politieke Raad het hier begin. Die regeringsliggaam en die geregshof aan die Kaap was nie meer absoluut identies nie.

Die instelling van burgerrade was 'n navolging van die bestaande stelsel in Batavia, en was tewens die natuurlike uitvloeiing van die demokratiese gees van die Nederlanders. Dat vrye manne onvertegenwoordig in 'n hof kon wees, was in stryd met hulle konstitusionele begrippe. Die burgerrade het egter nie alleen regterlike bevoegdhede besit nie. Ofskoon hulle nie tot die gewone sittings van die Politieke Raad toegelaat was nie, is hulle van die staanspoor af beskou as die verteenwoordigers van die koloniste by die sentrale regering. Ons sal oor-en-oor vind dat hulle namens die burgers vir die algemene belang voor die kommandeur (of goewerneur) en sy raad verskyn; en hier het ons 'n ander baie belangrike konstitusionele ontwikkelingskiem. Die onderlinge afskeiding van die natuurlike regeringsfunksies is nie die hoofinhoud van ons konstitusionele geskiedenis nie. Van veel meer betekenis is daarin die gestadige toelating van die volk tot medeseggenskap in sy regering; en dit getuig van die sterk selfstandigheidsin van ons Nederlandse voorouers, dat die eerste koloniste onmiddellik 'n aandeel in die bestuur van die Kolonie gekry het. Dat hierdie aandeel iets werklik was, is duidelik sigbaar in die eerste gesamentlike verset van die boere teen die regering.

In Desember 1658 was die graanoes van die vryburgers ingesamel. Tot hierdie tyd het hulle uit die hand van die Kompanjie gelewe. Nou moes blyk of hulle deur die verkoop van

hulle oes aan die Kompanjie selfstandig kon word. Hulle het gevind dat die pryse deur die regering op bevel van Here XVII bepaal, nl. 4 tot 5 guldens die mud, te laag was; buitendien was die gemoedere reeds gaande oor die veeruilverbod, en op 23 Desember verskyn hulle, onder leiding van die twee burgerrade, Steven Janszen en Hendrik Boom, voor die kommandeur met 'n petisie. Hulle begin met die veeruil: "Nu dat wij vrij geworden sijn ende ons bloedige arrēbeyt aen 't landt gedaen hebben, soo wort de handel ons verboden"; en hulle sluit op dieselfde noot: "Wij versoeken de ruyling principael." Aan hierdie saak het hulle dus baie groot gewig geheg, maar ook aan die graankwessie. As hulle nie 10 guldens die sak vir hulle koring kry nie, dan dreig hulle om niks meer te saai nie, "want wij gheen Compagnies slaven willen wesen." Hulle protesteer teen dwang. Hulle word geforseer om naas koring ook ertjies, boontjies en mielies te saai. Sulke voorskrifte wil hulle nie verdra nie: "Soo wij op het landt blijven, soo willen wij niet in onse lantbau gedwongen wesen." Hulle wil kontantgeld vir hulle produkte kry, in plaas daarvan dat hulle skulde by die Kompanjie eenvoudiger verminder word. Hoe anders kan hulle benodighede koop; "want het is altyd: gelt, gelt! ende daer gheen gelt ontfanghen wordt." Dat hulle drie dae moet wag om op 'n skip te gaan handel drywe, is geen beswaar nie, maar wel dat hulle dan nog agter die fiskaal moet aanloop vir sy verlof. Teen al hierdie inkortings van hulle vryhede protesteer hulle, en hulle herinner die kommandeur aan die groot gevare, wat hulle daar ver op die grens (by Rondebosch!) " 't avondt of morgen" van die Hottentots moet verduur, en trots voeg hulle daarby: "Want wij de beschermers van ons landt sijn."

Met hierdie uiters selfstandige voorvaders van die Afrikaanse volk het Van Riebeeck baie takvol te werk gegaan. Hy het hulle herinner aan die hulp wat die Kompanjie nog altyd aan hulle verleen, selfs in die vorm van rantsoene, en hulle gewaarsku teen 'n poging om met dreigemente voor Here Meesters te kom; dit was "met 't hoeft tegen de muyr gelopen." Daar is goeie redes vir die maatreëls wat hulle as drukkend beskou: Here XVII het die veeruil verbied om "de duyrtē voor te comen!" Kommissaris van Goens het bepaal dat die vryburgers 'n pas van die fiskaal moet kry om op die skepe te kom, omdat een vir hom daar weggesteek het en vort is sonder om sy skulde te betaal. Hulle moet onthou dat hulle in die skuld by die Kompanjie is, en dat met reg van hulle geëis kan word om dinge te produseer wat die regering nodig het. Wat die graanpryse betref, die is soos deur Here Meesters vasgestel,

maar die kommandeur sou sy bes doen om hulle verhoog te kry. Met 'n bemoedigende vermaning: "Laat maar die ploeg wakker sy gang gaan en die dorsvloer nie koud word nie," het hy gesluit; en nadat "een romer wyn of twee" die ronde gegaan het, is almal welgemoed na huis, "lachende d' een d' ander wat uyt, omdat elq over 't sijne soo wat sijn recht bescheyt geeregen hadt." Die veeruil het gesluit gebly, maar die kommandeur het woord gehou, en op sy versoek is die prys van koring deur Here XVII tot 7 guldens verhoog.

Hierdie gebeurtenis werp 'n helder lig op die toestande. Die koloniste was eenvoudige mense; sewe van die veertien ondertekenaars moes met 'n merk teken; hulle was ook gemoedelik en geneig om die humor van 'n saak raak te sien; maar hulle was daarby besiel met 'n byna brutale vryheidsgees. Ons sien verder dat hulle geen klag teen die regeringstelsel het nie. Hulle het hul verteenwoordigers, die burgerrade, wat met en vir hulle optree. Hulle besware was suiwer ekonomies en die gevolg van die besuinigingspolitiek van die Kompanjie.

Op kerklike gebied was die Kaap in Van Riebeeck se tyd nog baie onontwikkeld. Daar was wel 'n kerksaal in die Fort, maar nog geen predikant nie. Nagmaal is deur die predikante van passerende skepe uitgedeel. Huwelike is ook voor hulle gesluit of anders eenvoudig voor die Politieke Raad. Die sogenaamde sieketrooster het anders die godsdienstige verrichtings gelei. Die eerste was Willem Barentsz Wijlant, 'n kranige dominee, wat as jagter en veeruiler heeltemal 'n naam gemaak het. Sy opvolger was Pieter van der Staël, die swaer van Jan van Riebeeck. Die godsdienstige reëling word as volg deur die sieketrooster beskrywe: "Die maniere van 't houden van den godsdienst is dat wij alle avonden, wanneer het volck gegeeten heeft, het avondgebedt doen met een veers twe of drie doen singen, . . . ende Sondaegh so lese ick een predicatie voor, . . . ende laet dan die jongens die vragen opseggen ende mit een schriftuerplaetse twe dre bewijsen. Het soude wel twe reijs (keer) Soondaeghs gedaen worden, maer overmits dat het volck die ganse week moet werven, so verstaet het opperhoofd dat het beter is een reijs dan twe reijsen." In hierdie tyd was die godsdienstige kontrole 'n onderdeel van die gewone offisiële disipline. Die "geweldig" of beul moes sorgvuldig daarop let, dat die mense nie "gelijk als verckens aen de bacq gaen eeten ende wederom opstaen sonder eens den Heers voor of nae te bidden off te dancken."

Sondags na die kerkdiens was militêre parade, waaraan die

burgers, al dadelik tot 'n miliesiemag georganiseer, ook deelgeneem het.

§ 4. Die Laaste Jare van Jan van Riebeeck se Regeringstyd.

Na die vrede met die Hottentots gesluit is, het Van Riebeeck wser pogings aangewend om die ruilhandel, wat tydens die oorlog baie gely het, deur ruilekspediesies op 'n gesonde voet te bring. Sy hoofdoel was om met die Namakwas in aanraking te kom. 'n Interessante figuur in hierdie ondernemings was Pieter Meerhoff. Hy het baie goed met die Hottentots klaargekom, so goed dat hy later met Eva getroud is. In November 1660 neem hy deel aan 'n landreis onder Jan Danckert, wat die Olifantsrivier bereik en die vure van die Namakwas sien. In die joernaal van hierdie ekspediesie lees ons die volgende: "Pieter Meerhoff (hem op de chirurgie verstaende) hadt een wilt paert boven in de manen geschoten, daerdoor onder de voet gevallen sijnde, voorsz. Meerhoff opgesprongen was met meninge om hom een hackzenuw off te snijden (Van Riebeeck wou nl. baie graag een lewendig in hande kry), maer sijn mes daertoe niet tijts genoeg hebbende cunnen vaerdigh krijgen, was 't paert met hem op ends dryvende over een rivier gesprongen, dat hij der weder affviel ende al een slagh in 't aangesicht gegregen hadt." In Februarie was Meester Pieter al weer op reis, die keer as sekunde onder Cruythoff. Die retoervloot onder Frisius was juis in die baai toe hierdie geselskap terugkeer. Hulle het goeie nuus gehad, want noord van die Olifantsrivier het hulle die Namakwas aangetref, "seer cloeck volcq als halve reusen, gecleedt met allerhande fraye, bonte, bereyde vellen, die met cooper, ysere ende andere coraelen etc. sierlijk beset waren." Die beskrywing is van Pieter Meerhoff wat die joernaal van die reis gehou het. Hy vergroot die Namakwas om sy eie dapperheid des te sterker te laat uitkom, want hy was die man wat die eerste onder hulle ingegaan het. Nog minder kan ons ons op sy opmerkingsvermoë verlaat wanneer ons lees: "Ende ick, Pieter Meerhoff, heb mijn snaphaen genomen en ben een weynich langs de rivier (die Olifantsrivier) gegaen om een vogel te schieten, soo heb ick een levendigh monster vernomen met 3 hoofden, gelijcq drie kattenhooffden en ('t) hadt drie lange staerten, in 't water uytecomende, niet wetende wat het voor een gedierte is geweest." As iemand vir 'n seekoei of so iets vinnig retireer, dan sien hy somtyds sleg!

Meerhoff is 'n tiepe van die vreemde awenturier wat ons nog baie op die grens sal aantref. Hy was van Duitse of Deense

oorsprong. 'n Ander grenstiepe het ons in hierdie tyd in die persoon van Harmen Remajenne. Die veeruil was nog altyd vir die koloniste gesluit, en alleen beamptes is op die landreise uitgestuur. Remajenne met sy maters op die grense het hulle egter nie veel aan hierdie onbillike verbod gesteur nie. Sonder verlof gaan hulle ook die land in en ruil beeste, en die neiging tot die veeboerdery en die trekklus daaraan verbonde, tree by hulle reeds sterk te voorskyn.

Deur die ruilekspediesies het die binneland beter bekend geword en het die blankes met meer van die Hottentotstamme in aanraking gekom. Die westelike kusstreek tot noord van die Olifantsrivier is bereis, en Europese oë het reeds op die Tulbaghkom en die uitgestrekte vlakke van die Brederivier, een van die groot paaie van die latere kolonisasie, neergesien, maar die bergreeks is nog nêrens elders na die ooste toe oorstyg nie. Die bekende Hottentotstamme was as volg versprei: die Strandlopers (Goringaikonas), die Kaapmans (Goringaikwas) en 'n derde groep, van wie ons minder hoor, die sogenaamde Tabakdiewe of Goragoukwas, het in die onmiddellike nabyheid van die Fort gewoon; na Saldanhabaai se kant was die Kogokwas onder die twee hoofde, Oedasoa en Gonnema; noord van hulle tot by die Olifantsrivier was die land van die klein Grigrikwas, en anderkant dié rivier het die Namakwas en die Groot Grigrikwas hulle opgehou; die Gainoukwas, wat baie beeste na die Fort gebring het, het onder 'n groot opperhoof, Sousoa, oos van die Kogoukwas gewoon; en nog verder na die ooste toe was die belangrike Hessekwastam, van wie egter alleen die naam bekend was. Tussen al dié stamme in het die Boesmans (Sonkwas) hulle in die berge skuilgehou, want die hand van almal was teen hulle. Wat die getalsterkte van die Hottentots was, is uiters moeilik om te bereken; maar ons moet onthou dat hulle nomadiese veebesitters was en niks aan die landbou gedaan het nie, en dat ons dus hier met 'n dun verspreide bevolking te doen het, glad nie vergelykbaar met die landbouende Bantolestamme van ons ooskus nie. Die suidelike en westelike dele van Suid-Afrika, d.w.s. die hele Kaapkolonie tot aan die Vis- of selfs die Keirivier, het in Van Riebeeck se tyd betreklik oop gelê vir die groot uitbreiding van die blankes wat weldra sou volg.

Die vernuwing van die veehandel deur ruilekspediesies na die Hottentotoorlog was dringend noodsaaklik, want die verminderde vleisvoorraad was weer 'n bron van wrywing en ergernis. Jan van Riebeeck moes dit beleef dat die Kaap selfs nog teen die end van sy regeringstyd sy eerste slegte naam nie kwyt was nie. Dit was veral die ou gesoute pikbroeke van die retoerskepe, die

sogenaamde *oranglamme*, wat hulle veragting vir die Kaap as woonplek en verversingsoord nie onder stoele en banke weggesteek het nie. Die bemanning van die retoervloot van 1660 onder Sterthemius was besonder kras in hulle afkeurende kritiek van Jan van Riebeeck se stigting. Hulle het die tuine verniel en deur die stadjie geloop en skree: “Gaadt met ons! Wat doet ghij aen dit vervloekte landt? Wie wil mee? Val in de boot! Val in, de schepen willen vaeren!” En hierdie brutale uitnodiging het nogal nie op dowe ore geval nie! By die sestig persone, waaronder ook vryburgers was, het probeer om stillertjies met die vloot na Nederland terug te keer, en die groot meerderheid het dit ook reggekry.

Die lewe aan die Kaap was in sulke tye wel interessant maar seker nie rustig nie, en die luidrugtige, ontevrede elemente het dan die bo-ton gevoer. Oor die algemeen egter was die mense hier gelukkig en tevrede. Baie skeurbuiklyers, “als egels (steekvarkies) in malcanderen gekrompen” op die skepe, het met onuitspreeklike dankbaarheid die Tafelberg begroet. “Ja ’t was deerlijk om te sien hoe diegene die uyt de booth niet alle ’t seffens conden gehaelt en met hangematten in ’t Fort gedragen worden, op handen en voeten langs het hoofd (seehoof) quamen nae binnen kruipen, haeckende en smackende nae een blaetje groente off een lepeltje vol melcks gelijk de visch nae het water doet.” Ook vir die gesonde besoekers was hier ontspanning en geriewe. Die seehoof, van Kaapse hout gemaak, waaraan Van Riebeeck so hard laat werk het, was klaar en het die inneem van water en proviesies baie vergemaklik. Groente was altyd in oorvloed voor hande; ook die winter- en somervrugte, lemoene, appels, pere, druiwe, waatlemoene, ens., het nie ontbreek nie; en in die reël was die vleisvoorraad voldoende. Ook die vreemde skepeling, meesal Engelse en Franse, wat van tyd tot tyd hier die ankers uitgegooi het, kon van dit alles geniet.

Kaapstad het reeds iets van sy teenswoordige vorm begin aanneem. Regs van die Soetrivier was die Fort, en skuinsvoor op die linkerwal by sy uitloop die seehoof. By die bo-ent van die teenswoordige Adderleystraat het die Kompanjiestuin hom uitgestrek, en verder na die noorde, nader aan die strand, was die eintlike stad. Dit het vier strate gehad: die Seestraat, die Herestraat, die Reygerstraat en die Olifantstraat, wat as die Strand-, Kasteel-, Kort Mark- en Lang Markstrate nog bestaan. In hierdie omgewing het die stadsburgers hulle huise gehad, en verskillende bedrywe beoefen. Hier was b.v. ook die herberg van Jannetje Boddys, die weduwee van Jan van

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

Harwarden, waar koloniste en beamptes oor 'n glasië wyn of bier hulle lang erdepype gerook het, — 'n nuwe gewoonte, en waar dit, as daar skepe in die baai was, somtyds baie jolig toegegaan het.

Hier en daar verspreid was die tuinpersele en kleinboerde-rytjies van burgers en beamptes, want ook die laasgenoemdes kon deur die produksie van groente en die aanhou van pluimvee, varke en koeie in hulle eie behoeftes probeer voorsien. Die kommandeur self het 'n plaas op die grens by Rondebosch gehad, waar oor 'n duisend lemoenbome, tagtig ander vrugtbome en 'n mooi stuk wingerd gestaan het. Die grond is deur 'n kommissaris aan hom toegeken, en is na Van Riebeeck se vertrek deur die Kaapse regering vir hom verkoop. Dit is vandag die woonplek van die Anglikaanse biskop van Kaapstad, en die ou naam Bosheuvel is tot Bishop's Court verander.

Die gemiddelde getal vryburgers in die laaste jare van Van Riebeeck se regeringstyd was omtrent vyftig, en die meerderheid het hulle op die boerdery toegelê. Op die grens was die toestand betreklik bevredigend. Die naturellevraagstuk was voorlopig opgelos, en die boerdery kon vooruitgaan. Die koloniste het slawe en trekdiere gehad, en ofskoon baie van hulle nog by die Kompanjie in die skuld was, en die pryse, vir hulle produkte vasgestel, hulle nie bevredig het nie, kon hulle 'n bestaan maak en die toekoms met vertroue ingaan. Een ding het hulle egter nog nie reggekry nie. Daar was nog byna elke jaar 'n tekort aan graan; en rys, wat miskien as gevolg hiervan so 'n belangrike konsumpsie-artikel in Suid-Afrika geword het, moes nog altyd ingevoer word. Hieroor was Here Meesters baie ontevrede asook oor die nadelige balansstaat wat die Kaapse regering byna jaarliks aan hulle voorgelê het.

Jan van Riebeeck het veel meer tot stand gebring aan die Kaap as wat ooit sy bedoeling was; hy het egter selfs na tien jaar sy eerste opdrag nog nie in sy geheel uitgevoer nie. Hy sou 'n verversingspos kom oprig, en hy het 'n kolonie agtergelaat; hy sou die bedrywigheid van die Kompanjie t t die voet van Tafelberg beperk, en hy moes desnieteenstaande dit beleef dat die beskawing die binneland intrek en met die natuur die stryd om die heerskappy aanbind. Vir hierdie groot werk het ons eerste kommandeur egter geen dank gekry nie, want Here Meesters kon hom dit nie vergewe nie, dat na al sy optimistiese grootpraterigheid die rysinvoer nog altyd moes voortduur, en die Kaapse stigting vir hulle meer gekos het as wat dit ingebring het.

DIE KAAP WORD 'N KOLONIE.

Jan van Riebeeck was dan ook werklik, wat Godée Molsbergen hom noem: "de Stichter tegen wil en dank," en tevrede met sy verblyf aan die Kaap was hy nie. Eindelik is gehoor gegee aan sy herhaalde versoeke om "verlossing." Op 2 April 1662, het sy opvolger, Zacharias Wagenaar, uit Batavia hier aangekom, en 'n maand later, op 6 Mei, het Van Riebeeck met sy famielie onder die eervolle uitgeleide van beamptes en koloniste, aan boord van die skip *Mars* gegaan om daarmee die languitgestelde promosie in Indië te gaan soek. Hier is belangrike werk aan hom toevertrou. Hy is dadelik tot lid van die Raad van Justisie in Batavia benoem, kort daarna het hy President van Malakka geword, en in 1665 is hy aangestel tot sekretaris van die Raad van Indië. Sy groot ambisie, nl. om met die tittel *Raad van India* ook lid van hierdie hoogste regeringsliggaam in die ooste te word, het hy nie verwesenlik nie, en as regering-sekretaris is hy in 1677 oorlede. Sy seun, een van die eerste gebore Afrikaners, het sy vader oortref, en die hoogste onderskeiding, nl. die benoeming tot goewerneur-generaal van Indië, is hom te beurt geval.

HOOFSTUK VI.

DIE INTERIM TUSSEN JAN VAN RIEBEEK EN SIMON VAN DER STEL (1662 — 1679).

§ 1. Kommandeurs en Goewerneurs.

Die twaalf jaar wat tussen die vertrek van Jan van Riebeeck en die aankoms van Simon van der Stel lê, word somtyds as 'n onbelangrike periode beskou en dus ook oorgeslaan, veral omdat dit moeilik is om in hierdie tyd een of ander persoon as die draer van ons ontwikkeling uit te kies en op die voorgrond te stel. Nou is dit wel waar dat die biografies-historiese metode hier nie veel kan uitrig nie. Vir die aardigheid, en ook om later verwysings te vergemaklik, laat ons hier 'n lys volg van die manne wat in die interim die regering aan die Kaap gelei het: Zacharias Wagenaar (1662 — 1666), Cornelis van Quaelberg (1666 — 1668), Jakob Borghorst (1668 — 1670), Pieter Hackius (1670 — 1671), Albert van Breugel (agerend, 1672), Isbrand Goske (1672 — 1676), Johan Bax (1676 — 1678), Hendrik Crudop (agerend, 1678 — 1679); maar ons sal vind dat slegs 'n paar van hierdie manne van werklike betekenis in ons geskiedenis was en sommige selfs nie daarin hoef genoem te word nie. Ons sal egter ook vind dat nieteenstaande hierdie gebrek aan uitstaande persoonlikhede, die Suid-Afrikaanse geskiedenis sy gang gaan, langs die lyne wat ons reeds vaag aangedui ontdek het, en voortgestu deur dieselfde buite-en binne-landse kragte en invloede wat van die begin af hier werksaam was.

§ 2. Die Buiteland.

Die tweede helfte van die sewentiende eeu was 'n veelbewoë tyd in Europa. In 1658 het Oliver Cromwell gesterf, en omdat die Engelse republiek, wat veral deur sy krag en bekwaamheid instandgehou is, geen man kon vind groot genoeg om sy plek in te neem nie, en ook omdat die Engelse volk sy diep-ingewortelde koningsgesindheid nog altyd bewaar het en moeg was vir die streng-godsdienstige heerskappy van die Puriteine, het

Karel II in 1660 die troon van sy onthoofde vader bestyg.

Met die terugkeer van die Stuarts na Engeland het die verhouding van hierdie staat tot die Nederlandse republiek, wat in die laaste jare van Cromwell se regeringstyd betreklik vriendskaplik was, weer slegter geword. In 1650 is die stadhouer, Willem II oorlede, en aangesien sy seun, die latere Willem III, eers 'n week na sy dood gebore is, kon die anti-stadhouerlike party, die party van die stedelike koopmans, dit regkry dat geen opvolger gekies is nie en vyf van die belangrikste provinsies dus sonder 'n stadhouer was. Vir meer as twintig jaar, die sogenaamde Stadhouerlose Tydperk (1650 — 1672), het die kommersieel-gesinde regente, veral van Amsterdam, die regeringsmag in hande gehad, en hulle leier, Johan de Witt, raadpensionaris van Holland, het 'n politiek gevolg wat vir die Stuarts, die verwantes van die Huis van Oranje, nie aangenaam was nie. By die Vrede van Westminster, in 1654, is b.v. gehoor gegee aan 'n eis van die Engelse parlement om die Stuarts nie meer toe te laat om in Nederland te vertoef nie.

Dadelik na sy restorasie het Karel II met 'n verskerpte nawigasiewet die kommersiële stryd teen Nederland weer begin, en in 1664 het Engeland sonder oorlogsverklaring Nu-Amsterdam, wat in 1654 teruggegee was, weer verower en dié keer vir goed. In die oorlog wat hierop gevolg het, moes die Engelse die onderspit delf. Karel II het nie vir die behoorlike uitrusting van sy skepe gesorg nie, Engeland is verder in 1665 deur 'n verskriklike pes geteister, en in 1666 het 'n brand 'n groot deel van Londen verwoes. Onder sulke omstandighede kon De Ruyter en die ander Nederlandse admirale sonder veel moeite die oorwinning wegdra, en in 1667 is die vyandelike kanonne selfs in Londen gehoor; 'n Nederlandse vloot het die Teems opgeveil, in die Medway ses groot Engelse skepe vernietig, en die koninklike vlagskip, die *Royal Charles*, in triomf weggevoer. By die Vrede van Breda wat in dieselfde jaar gesluit is, kon Johan de Witt 'n versagting van die Nawigasiewet afdwing; ware uit Duitsland kon voortaan ook in Nederlandse skepe na Engeland gebring word; en so sterk het die anti-stadhouerlike party hom gevoel dat die stadhouderskap in Holland deur die Ewige Edik (1667) afgeskaf is.

Die verowering van Nu-Amsterdam was 'n aanduiding van wat met die Kaap kon gebeur, en onmiddellik na die begin van die oorlog is stappe gedoen om die stigting hier in 'n beter verdedigingstoestand te bring. Isbrand Goske, 'n belangrike beampte, is gestuur om 'n vesting op te rig, wat ook teen die swaarste geskut van daardie tyd bestand sou wees, en in 1660

is 'n begin gemaak met die teenswoordige Kasteel. Die Kaapse garnisoen is ook met drie honderd soldate vermeerder. Die oorlog het dus direk die betekenis van ons suidhoek verhoog. Na die Vrede van Breda is die werk aan die Kasteel gestaak, maar dit sou vyf jaar later hervat word, toe die altyd-dreigende oorlogswolke weer oor Nederland losgebars het.

In die jare na die Vrede van Breda vind daar 'n toenadering plaas tussen Karel II en Lodewyk XIV. Die Engelse koning het die weg van sy vader ingeslaan; hy wou 'n outokratiese bewind voer, en hy het steun gesoek by die Franse vors, wat juis in hierdie tyd, na die dood van kardinaal Masaryk, die raadsman van sy jongelingsjare, as onbeperkte alleenheerser oor Frankryk optree, as die Sonkoning deur wie se glans en glorie al die ander vorste van Europa in die skaduwee gestel is. Die eerste doelwit van Lodewyk was die verowering van die suidelike Nederlande, en die noordelike geweste moes hierdie plan as 'n bedreiging van hulle eie onafhanklikheid beskou. Karel II, wat ook die stryd teen die Nederlandse republiek weer wou opvat, kon dus 'n basis van samewerking met Lodewyk vind, en in 1670 is die geheime Verdrag van Dover tussen die twee vorste gesluit. Twee jaar later was al die voorbereidings klaar, en die gesamentlike mag van Engeland en Frankryk trek te water en te land teen die klein republiekie om die Suidersee op. Die verskriklike aanval het 'n rewolusie in Nederland veroorsaak. Toe Lodewyk XIV met 100,000 man onder Condé en Turenne tot in Utrecht deurdring, en die Engels-Franse vloot die kus bestook, het die Nederlandse volk weer 'n leidsman in die ou Oranjehuis gesoek. Die anti-stadhouderlike regering is omvergegooi, Johan de Witt en sy broer is deur die Haagse gepeupel vermoor, die Ewige Edik is tenietgedaan, en Willem III is tot stadhouder en aanvoerder teen die vyande uitgeroep. En weer het die kinders van die Geuse gewys dat hulle vir hulle vryheid alles feil had! Die dyke is oopgegooi; die Franse leër is gestuit; en Michiel de Ruyter het teen 'n groot oormag die kus van sy vaderland verdedig en die vyand in sy eie waters gaan opsoek. In hierdie oorlog het die groot seeheld, een van die edelste seuns van die Dietse stam, 'n roemryke dood gesterf. Na die uittree van die Engelse uit die stryd het hy met 'n vloot in die Middellandse See gaan opereer, en het hier in 'n geveg gesneuwel. Sy gebalsemde lyk is na Nederland gebring en onder deelname van sy ganse volk in 'n praalgraf in die Nuwe Kerk in Amsterdam tot rus gekom.

Die Engelse volk was nie met hart en siel in hierdie oorlog nie. Hulle het hul eie koning en veral sy groot bondgenoot nie

vertrou nie, en toe dit blyk dat die vernietiging van Nederland, die uitgesproke doel van Karel se raadsman, Shaftesbury, met sy leuse: *Delenda est Carthago*, nogal heelwat moeite en geld sou kos en die Franse mag enorm sou versterk, het die parlement vir Karel gedwing om in 1674 die Vrede van Westminster te sluit. Die oorlog met Frankryk het nog vyf jaar aangegaan, maar die gevaar was verby, en veral die oorsese Nederlandse besittinge kon betreklik veilig geag word.

Nog voor die hervatting van die stryd in Europa is besluit om die Kasteel aan die Kaap te voltooi. In 1672 kom Isbrand Goske weer hier aan, die keer as goewerneur. Hy was die eerste Kaapse bewindhebber wat die rang gehad het. Toen die middel van 1674 was die werk so ver gevorder, dat die ou Fort van Jan van Riebeek kon afgebreek word. In Julie 1674 kom toe die berig van die Vrede van Westminster, en weer is die werk vertraag. Dit het te langzaam vir goewerneur Johan Bax, die opvolger van Goske, gegaan, en hy met sy vrou en seuntjie en die hoogste beamptes en aansienlikste burgers met hulle families het in 1677 self die hand daaraan gesit. Eers in 1679 egter was dit enigszins voltooi en is die hoekbastions ter ere van Willem III (hy was Prins van Oranje, Graaf van Nassou, ens.) met die familie-titels van sy huis gedoop: Oranje, Leerdam, Buren, Nassou, Catzenellenbogen.

Nieteenstaande die treurige feit dat feitlik die hele ou uitrusting en meubelment verwyder is, bly die Kasteel nog altyd 'n pragtige oorblyfsel uit die tyd toe dit die setel van die regeringsmag in Suid-Afrika was. As ons aan die omstandighede van sy ontstaan dink, dan verrys dit as 'n simbool van die groot verlede van die Dietse stam, as 'n herinnering aan die taaie volharding van ons Nederlandse voorouers in hulle ongelyke stryd teen die magtige state van Europa; — maar tewens as 'n aandenking aan die vors onder wie se leiding Nederland en Engeland eindelik gesamentlik vir die vryheid van Europa sou veg.

§ 3. Die Naturel.

Dit was nog altyd veral die vleiskwessie wat die blankes in aanraking en somtyds ook in botsing met die Hottentots gebring het. Sonder die veehandel was dit nie moontlik om 'n genoegsame vleisvoorraad te kry nie, en Wagenaar en sy opvolgers het die ruilekspediesies voortgesit. Nuwe streke is eintlik nie bereis nie; alleen die kus is noukeuriger ondersoek en jagters waag dit om verder langs die Brederivier af deur te dring;

maar inlandse stamme deur die ruilhandel aangelok, verskyn aan die Kaap. In 1662 kom b.v. die Hessekwas.

Die ruilhandel was nog altyd vir die koloniste gesluit, en streng plakkate het die verbod van 1658 herhaal; maar die awentuurlus van die grensboere laat hom nie beteuel nie, en veral as jagters vind ons hulle, somtyds met en somtyds sonder verlof, ver oor die grens. Die vriendskaplike verhouding wat destyds tussen die blankes en die naaste stamme bestaan het, het hierdie togte vergemaklik, maar by Riebeekskasteel en Vier-en-Twintgriviere het 'n hoof gewoon, wat 'n onversoenlike vyand was. Dit was Gonnema, die Swart Kaptein, met wie ons reeds kennisgemaak het. Ook die Boesmans het gedurig die lewe en die besit van reisigers en jagters bedreig.

Die vriendskaplike verkeer van die blankes met die naaste inboorlinge is weerspieël in 'n gebeurtenis, wat miskien weer indirek daartoe bygedra het om die vyandskap van die Gonjemans, die Kogokwas onder Gonnema, te voed. Op 19 April 1672, het kommissaris Arnout van Overbeke die kustreek van Houtbaai tot aan Saldanhabaai van Schacher, die opvolger van Gogosoa, gekoop. Die vasgestelde prys was handelsartiekels tot 'n waarde van omtrent £800, maar die transaksie het vir die Kompanjie op minder as £3 te staan gekom, omdat die Hottentots geen begrip van die waarde van geld gehad het nie. Op 3 Mei 1672 is 'n soortgelyke koopverdrag met Dhouw, 'n Gainoukwa-hoof, gesluit, en Hottentots-Holland met die kus van Valsbaai die eiendom van die Kompanjie geword, nomineel ook vir £800, maar in werklikheid vir £6. 16. 4. Die witman het so die reg verwerf op die Kaapse Skiereiland en die hele strek van Hottentots-Holland af, wes van die eerste bergreeks, tot aan Saldanhabaai, 'n reg wat egter, selfs afgesien van die eenaardige omstandighede aan die werklike betaalprys verbonde, 'n bietjie mank gegaan het, aangesien die Gonjemans, wie se land ook verkoopt is, nie in die transaksie geken is nie.

Ons moet intussen die betekenis van hierdie koop nie oordrywe nie. Die Hottentots het dit waarskynlik meer as 'n uitdelery van geskenke beskou, en vir die Gainoukwas, wat destyds in 'n stryd met die Gonjemans gewikkel was, het dit seker iets beteken om op 'n goeie voet met die blankes te staan. Die Kaapse regering het eintlik kant gekies in 'n onderlinge natuurlike-stryd, al was dit maar deur geskenke aan één party te gee. Of die botsing met Gonnema egter hierdeur werklik beïnvloed is, is moeilik om te sê. Ons vind in elk geval dat sy houding hoe langer hoe brutaler word. In November 1672 het die burgers met verlof van die regering op 'n jagtog gegaan langs die

INTERIM TUSSEN VAN RIEBEEK EN VAN DER STEL.

Bergrivier tot in die land van Gonnema. Sy mense het hulle oorval en van alles beroof en hulle skaars toegelaat om met die lewe daarvan af te kom. In die winter van die volgende jaar gaan ag burgers met 'n slaaf weer op 'n jagekspedisie tot in Vier-en-Twintigriviere. Die keer is die hele geselskap deur die Gonjemans vasgekeer en vermoor. 'n Kommando van twee-en-sewentig man, waarvan die helfte burgers was, onder 'n offisier, Hieronymus Cruse, is onmiddellik gestuur om Gonnema te straf, en die tweede Hottentotoorlog het begin.

In hierdie oorlog was die Gainoukwas en die mense van Schacher die bondgenote van die Kompanjie. Nieteenstaande hulle hulp het dit die blankes weer nie geluk om die vyand onder skot te kry nie, maar hulle het die Gonjemans verskillende kere gevoelig getref deur hulle vee te neem. In 1674 b.v. het 'n kommando van vyftig soldate onder Cruse en vyftig burgers onder Wouter Mostert, vergesel deur vierhonderd Hottentots, 800 beeste en 4,000 skape buitgemaak. Af en toe is klein klompies Gonjemans gevang, en die blankes het toegelaat dat hulle gekleurde bondgenote hierdie arme skepsels, volgens ou inboorlinggebruik, met stokke doodslaan. Gonnema het nie gou ingegeë nie; in 1675 waag hy nog om Schacher se vee by die Tierberg te kom wegvat, en selfs die mense by Rondebosch het 'n aanval gevrees; maar eindelik, in Junie 1677, het die Swart Kaptein om vrede gesmeek. Hy was wel 'n baie lastige vyand, veral omdat hy die voetoevoer uit die binneland byna heeltemal afgesny het, maar sy mense kon nie aanhou om nes Boesmans in die berge vir hulle skuil te hou nie.

Die Gonjemans het belowe om die vrede te bewaar en vee na die Kaap te bring, en die laaste georganiseerde verset van die Hottentots teen die indringende beskawing was op 'n end. Van nou af begin sommige stamgroepe die trek na die noordooste wat hulle uiteindelik oor die Karovlakte, oorspronklik alleen deur Boesmans bewoon, by die Oranjerivier sou bring. Die Korannas b.v. het 'n tradisie dat hulle voorouers onder 'n hoof Eikomo, die seun van Kora of Goro, die kaptein van die Goragoukwas, omstreeks hierdie tyd die omgewing van die Kaap verlaat het. Die uitbreiding van die beskawing is nie verder deur die Hottentots teengehou nie. Die enigste vyande wat die blankes vir 'n hele eeu op hulle trek land-in sou teenkom, was die Boesmans.

§ 4. Kolonisasie.

Die inbesitneem van die binneland van Suid-Afrika wat in hierdie periode begin, was die gevolg, nie soseer van 'n

natuurlike uitbreidingsdrang nie, wat egter ook veral onder die boere aangetref word, as van die ou onopgeloste produksieprobleem, 'n probleem wat van oorsee op die neersetting afgedwing is. Daarnaas moet egter ook melding gemaak word van 'n verandering in die sienswyse van die gesagvoerders omtrent kolonisasie. Dit was die tyd toe Maetsuycker goewerneur-generaal van Oos-Indië was, en hy het sterk geglo aan die wenslikheid om in die besittings van die Kompanjie egte koloniste te hê, en nie slegs beamptes nie. Ons vind dan ook dat tot die end van die agtiende eeu die Hoë Regering in Indië en Here XVII kolonisasie enigszins bevorder. Dat die belange van die Edele Kompanjie, ook wat dit betref, altyd op die voorgrond moes gestel word, spreek egter van self.

Om die boere te help is in 1668 die reg van die beamptes om hulle met die boerdery besig te hou ingekort. Die lede van die Politieke Raad moeg voortaan alleen vir hulle eie gebruik vee aanhou of tuine maak. Hulle moes nie die konkurent van die koloniste op die mark wees nie. Hierdie verbod is egter nie nagekom nie, en kommissarisse het voortgegaan om aan beamptes plase te gee. Solank soos 'n vermeerdering van die produksie dringend noodsaaklik was, is dit begrypplik dat die boerdery onder die beamptes nie sterk afgekeur is nie, maar die tyd sou kom, wanneer uit hierdie stelsel 'n groot euwel sou gebore word.

Dit was veral die onopgeloste graanprobleem, wat die oorsese outoriteite ontevrede gemaak het en aan die Kaapse regering baie hoofbrekens besorg het. In 1670 het kommissaris Mattheus van der Broeck, die admiraal van die retoervloot, dit weer ernstig onder die aandag van Borghorst gebring, en die kommandeur het voorgestel om die boerdery van die Kompanjie na die vrugbare streek, Hottentots-Holland, waar die weiveld ook uitstekend was, uit te brei. Die plan het die goedkeuring van die kommissaris weggedra. Daar was veel voor te sê: nie alleen sou dit die produksie bevorder nie; dit sou ook 'n Kompanjiespos skep wat minder aantasbaar deur buitelandse vyande was; en dit sou 'n vermeerdering van die vryburgers, iets wat die outoriteite destyds graag wou hê, vergemaklik, want die Kompanjiesplaas by Rondebosch kon aan hulle verpag word. Die koopverdrag van kommissaris Van Overbeke moet in verband met hierdie skema gebring word.

In Oktober 1672, toe die gevaar van 'n Engels-Franse aanval op die Kaap gedreig het, is sersjant Cruythoff met twaalf man na Hottentots-Holland gestuur om die Kompanjiesplaas klaar te begin. Hy moes 'n vee-pos aanlê en saailande vir die volgende reëntyd klaarmaak.

INTERIM TUSSEN VAN RIEBEEK EN VAN DER STEL.

Dit is kentekenend van die uitbreidingsdrang van die koloniste dat hulle aansoek gedaan het om ook in Hottentots-Holland plase te kry. Die oorlog in Europa, die stryd met Gonnema en die voortdurende moeïlikheid wat Here Meesters ondervind het in hulle soek na emigrante (Nederland was te welvarend!), het die toestaan van hierdie versoek, wat in die plan van kommissaris Van der Broeck opgesluit was, vertraag, maar na die Hottentotoorlog verby was, in Januarie 1678, het die eerste Afrikaanse boere verlof gekry om die voet van Tafelberg te verlaat en hulle anderkant die Kaapse vlakke permanent te vestig.

Nes die groot geslagte van pioniers wat op hulle sou volg, en wat die vaandel van die beskawing tot in die hart van Afrika sou dra, was ook hierdie eerste baanbrekers *veeboere*. Die oorlog met Gonnema het weer getoon hoe gevaarlik dit was om die vleisvoorraad afhanklik te laat bly van die ongereelde veetoevoer uit die binneland, en Here Meesters wat reeds in Van Riebeeck se tyd op die "aenqueecq ven bestiael" aangedring het, het nou 'n rede te meer gehad om die veeboerdery te bevorder; en ofskoon hulle, altyd nog "om de duyrtte voor te comen," die ruilhandel as hulle eie prerogatief wou handhaaf, was hulle begerig om die veeboerdery ook aan die koloniste toe te vertrou. Onder sulke omstandighede kry Jochem Marquaart, Hendrik Elberts, Henning Husing en Nicolaas Gerrits in 1678 weiregte in Hottentots-Holland en langs die Eersterivier, en in die volgende jaar ook Pieter Visagie en Jan Mostert, 'n broer van die burgeroffisier, by die Tierberg, waar die Kompanjie ook 'n veepos gehad het. Plase in eiendom, soos die langs die Liesbeekrivier, is voorlopig nie aan hulle toegeken nie; hulle is alleen toegelaat om op bepaalde plekke vee te laat loop.

§ 5. Konstitusionele Ontwikkeling.

Deels as gevolg van die pogings van Here XVII om emigrante na Suid-Afrika te stuur, maar meer nog omdat die koloniste kinderryk was, het die bevolking taamlik toegeneem. In 1679 was hier 'n vrye bevolking van ongeveer 290 siele, byna die helfte waarvan kinders was. Hierdie groei en die verhoogde strategiese betekenis van die Kaap, 'n resultaat van die Europese oorloë, het aanleiding gegee tot konstitusionele en sosiale veranderings.

Die sending van Isbrand Goske as goewerneur in 1672 het, soos die amptelike naam aandui, 'n verhoging van die status van die Kolonie beteken. Tot 'n wesenlike verandering in die regering het dit egter nie gelei nie. Daar was nou 'n goewerneur

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

i.p.v. 'n kommandeur aan die hoof van die Politieke Raad; dit was al. Ook die burgerrade gaan voort met die beoefening van hulle bekende funksies; maar dit is interessant om te sien hoe hulle reg om die belange van die burgers te verteenwoordig, erken is. By die vredesonderhandelinge b.v., wat aan die oorlog teen die Gonjemans 'n end gemaak het, is hulle toegelaat tot die beraadslagings van die Politieke Raad.

Die demokratiese beginsel wat so in die hoogste regeringsliggaam stelselmatig gehandhaaf is, tree egter eers werklik duidelik te voorskyn, wanneer ons tot nuwe kollegies en instellings kom, wat in hierdie tyd gestig is. In 1674 is 'n Weeskamer opgerig om die erfposies van onmondige weeskinders vir hulle te bewaar. Dit het weldra oor 'n aansienlike kapitaal beskik wat op verbande uitgeleen is. Dit was dus ook 'n bank waar die koloniste geld kon kry. Die Kollegie van Weeshere, aan wie die beheer van hierdie instelling opgedra was, het bestaan uit: 'n voorsitter deur die regering aangestel, twee beamptes en twee burgers. Die liggaam het hom dan verder self aangevul; elke jaar het één burger en één beampte afgetree, en 'n lys van vier is dan deur die Weeshere self opgestel waaruit die regering twee gekies het, één burger en één beampte, om die vakante setels in te neem. Hierdie selfaanvullingstelsel, ko-opsie genoem, was onder die Nederlanders destyds gebruiklik, en word by al die ander kollegies aangetref. In 1676 kom ook 'n Huwelikshof tot stand. Weer vind ons twee burgers en twee beamptes daarin, wat hulle jaarliks deur ko-opsie aanvul. Troulustige paartjies moes voor hierdie sogenaamde kommissarisse verskyn en eers aan hulle bewys dat daar geen wettige hindernisse teen die voorgenome huwelike bestaan nie, voordat hulle die toestemming tot die inseëning daarvan deur die predikant kon verkry. Die werk van die Weeskamer en die Huwelikshof is in die eerste tyd deur die Politieke Raad gedaan, maar met die toename van die bevolking kon die Raad nie alles meer behartig nie, en ons vind hier dat hy dele van sy werksaamhede aan ander liggame begin te oorhandig. Ons konstitusionele ontwikkeling slaan dus die rigting van desentralisasie in, 'n baie belangrike proses, want juis daardeur sou ons voorouers meer en meer in die kuns om hulle self te regeer geoefen word.

Nog op twee ander uiters belangrike terreine tref ons hierdie demokratiese selfregering aan. Met die een het ons reeds kennisgemaak. Ons het gesien hoe die burgers as 'n miliesiemag onder hulle eie offisiere gelyk-op met die soldate teen die Hottentots veg. Op militêre gebied is wel geen nuwe ontwikkeling in hierdie tyd te bespeur nie; die burgers veg nog saam met die sol-

date, maar met die toename van die bevolking en die oefening in die skietkuns wat die jag aan die boere gegê het, neem die belangrikheid van die burgerkommando's baie toe, en die tyd nader wanneer die koloniste die volste reg sal hê om te beweer: "want wij de verdedigers van ons landt zijn"; en die trotse bewussyn van eie krag wat agter die woorde skuil, sou meer en meer 'n hoeksteen word van die onafhanklikheidsin van die Afrikaanse boer. 'n Bevolking wat onder sy eie burgerlike leiers sy land help verdedig, het al 'n groot ent op die weg van selfregering gevorder.

Dit word somtyds gesê dat die boer met die geweer in die een hand en die Bybel in die ander die binneland ingetrek het, en dit is 'n baie belangrike feit dat die Afrikaanse volk van die vroegste tyd af ook op hierdie tweede terrein, nl. op kerklike gebied, demokraties-selfregerend was. Toe Isbrand Goske as kommissaris na die Kaap gekom het om die Kasteel te bou, was die Kolonie reeds belangrik genoeg om 'n eie predikant te kry, en in 1665 vind ons Johan van Arckel in die betrekking hier werksaam. Met sy koms word die Kaap 'n selfstandige gemeente onder die Classis of Ring van Amsterdam, en die presbiteriaanse kerklike regeringsvorm, 'n kenmerk van die Calvinisme en dus ook van die Nederduits-Gereformeerde Kerk, word onmiddellik ingevoer en gee aan die burgers die geleentheid om hulle godsdienstige aangeleenthede vir 'n groot deel self te reël. Die predikant was wel 'n besoldigde amptenaar van die Kompanjie, en oor sy aanstelling het die gemeente niks te sê gehad nie, maar hy is bygestaan deur 'n kerkraad, waarop naas één beampte, die "kommissaris politiek," gemeentelede sitting had. Ook hierdie liggaam is deur ko-opsie aangevul. Elke jaar het die helfte van die ouderlinge en diakens afgetree, en uit 'n dubbel lys deur die kerkraad self opgestel, het die Politieke Raad die nuwe diakens gekies, maar in die geval van die ouderlinge moes die kerkraad alleen die regering in kennis stel van die nuwe benoemings.

Ons sien dus dat die koloniste van die begin af 'n groot aandeel in die bestuur van die land gehad het, en hulle het geen fout met die regeringstelsel as sulks gevind nie. In 1676 het hulle wel weer met 'n petisie voor die outoriteite gekom, maar al hulle besware was van ekonomiese aard. Hulle wou meer vryheid by die verkoop van hulle produkte hê, hulle vra om plase in Hottentots-Holland, hulle versoek dat die rys goedkoper aan hulle afgestaan mag word uit die Kompanjies-pakhuisse, aanvrae wat, met die uitsondering van die laaste, gedeeltelik aan hulle toegestaan is; maar ons sou heeltal verkeerdt gaan as

ons uit so 'n petiesie sou afei, dat ons voorouers vir hulle op konstitusionele gebied geknel gevoel het.

§ 6. 'n **Kykie Agteruit en Vorentoe.**

Die stigtingsperiode is nou verby. Die Kaapkolonie bestaan. Byna al die kieme van later ontwikkeling het reeds te voorskyn getree. Die eerste stamvaders van die Afrikaanse volk is hier ingewortel, en die profesie van Jan van Riebeeck, dat hulle Suid-Afrika as hulle vaderland sal beskou, word meer en meer verwesenlik. Deur ons land self aangelok, deur buitelandse invloede en die naturel voortgestu en verhinder, neem hulle die groot taak op hulle om as 'n boerevolk Suid-Afrika te koloniseer, te verdedig en te regeer.

Op so 'n vrugbare begin moes wel groei volg, en hierdie groei en uitbreiding sal dan ook die hoofinhoud van ons verdere uiteensetting wees.

BOEK III.

'n Eeu van Groei en Uitbreiding: 1679—1779.